

Mev Angie Motshekga
Minister van Basiese Onderwys



Mnr Enver Surty
Adjunkminister van Basiese Onderwys

Hierdie werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, mnr Enver Surty.

Die Reënboog-werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys met die doel om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan-van-Aksie en moontlik gemaak deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie. Die Departement is hierdeur in staat gestel om hierdie werkboeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.

Ons hoop dat u as onderwyser hierdie werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind en ook sal verseker dat u leerders die kurrikulum dek.

Al die aktiwiteite in die werkboeke het ikone om aan te dui wat die leerders moet doen.

Ons hoop van harte dat die leerders dit gaan geniet om deur die boeke te werk terwyl hulle leer en groei en dat u as onderwyser dit saam met hulle sal geniet.

Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie werkboeke toe.



a b c d e
f g h i j
k l m n o p
q r s t u
v w x y z

Rainbow WORKBOOKS

AFRIKAANS HOME LANGUAGE
GRADE 6 – BOOK 1
TERMS 1 & 2
ISBN 978-1-920458-72-0
**THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.**

AFRIKAANS HUISTAAL – Graad 6 Boek 1

ISBN 978-1-920458-72-0



Graad 6

Naam:

Klas:

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# AFRIKAANS HUISTAAL

Boek 1
Kwartaal 1 & 2




# VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE JEUG VAN SUID-AFRIKA

## Gelykheid
Behandel elke persoon met gelykheid en billikheid. Moenie diskrimineer nie.



## Menswaardigheid
Respekteer almal. Wees vriendelik en gee om vir ander.



## Lewe
Alle lewe is kosbaar. Behandel alle lewe met respek.



## Gesin en familie



Eer en respekteer jou ouers. Wees vriendelik en lojaal teenoor jou gesin en familie.

## Onderwys
Woon die skool by, leer en werk hard. Gehoorsaam die skool se reëls.



## Werk
Help jou gesin met werk in die huis. Kinders mag nie gedwing word om buite die huis te werk nie.



## Vryheid en sekuriteit



Moenie ander mense seermaak, boelie of intimideer nie, en moenie toelaat dat ander dit doen nie. Besleg geskille op 'n vreedsame manier.

## Eiendom
Respekteer die eiendom van ander. Moenie eiendom beskadig nie, en moenie steel nie.



## Religie, oortuiging en menings
Respekteer die oortuigings en menings van ander.



## Veiligheid



Sorg vir die aarde. Moenie water of elektrisiteit vermors nie. Sorg vir diere en plante. Hou jou huis en gemeenskap skoon en veilig.

## Burgerskap




Wees 'n goeie, getroue burger van Suid-Afrika. Gehoorsaam die wette, en maak seker dat ander dit ook doen.

## Vryheid van uitdrukking
Moenie leuens en haat versprei nie. Moenie ander beledig of krenk nie.




Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa



© Department of Basic Education
Third edition 2013



ISBN 978-1-920458-72-0



This book may not be sold.

Graad 6

Rainbow WORKBOOKS

# Huistaal in AFRIKAANS


1 Feite en fabels ..................2

2 Oorkant ons horison.....36

3 Mense en plekke............70

4 Die dierewêreld ........... 104






AFRIKAANS

Boek 1

Hierdie boek behoort aan:




Datum



- *Elke groep mense het hul eie gunstelingstories wat hulle oor en oor vertel.*
- *Ons noem sulke stories volksverhale.*
- *Hierdie storie is 'n volksverhaal oor 'n haas wat vol streke was.*
- *Kyk na die prentjies op hierdie bladsy en werk uit wat jy dink sy gaan doen.*

# 1 Hoe Haas vir Olifant en Walvis gekul het



## Ons lees

Haas loop eendag op die strand en kom op Olifant en Walvis af wat met mekaar praat. Omdat sy wil hoor wat hulle sê, gaan lê sy op die sand en luister mooi.

"Olifant, jy is die sterkste dier op die aarde en ek is die sterkste dier in die see. As ons saamwerk, kan ons al die diere laat doen wat ons wil," sê Walvis.

"Ja," sê Olifant, "jy is reg! Dit is 'n goeie idee. Ons moet saamwerk."

"Ek gaan dit nie laat gebeur nie," dink Haas by haarself. "Hulle gaan nie oor my heers nie. Ek sal hulle kul." Sy spring toe hoppetie-hop met die strand langs tot in die bos. Daar kry sy 'n sterk, lang tou. Toe gaan sy terug strand toe om met Walvis te praat.

"Walvis," sê sy, "jy is 'n baie sterk dier. Sal jy my asseblief met iets help?"

"Ja, natuurlik," antwoord Walvis, baie in sy skik dat sy hulp gevra word omdat hy so sterk is. "Waarmee kan ek help?"


"Wel," sê Haas, "ek het hier agter in die bos 'n koei wat in die modder vassit. Kan jy my help om haar uit te trek?"

"Ja," sê Walvis. "Ek sal alte graag help."

Toe bind Haas die sterk tou om Walvis se stert en sy sê: "Ek gaan net die ander punt

Nuwe woorde





om my koei bind. Wag tot ek op my trom slaan dan begin jy trek."

Haas los Walvis op die strand en gaan soek vir Olifant.

"Olifant," sê sy, "jy is 'n baie sterk dier. Sal jy my asseblief met iets help?"

"Ja, natuurlik," antwoord Olifant, baie in sy skik dat sy hulp gevra word omdat hy so sterk is. "Waarmee kan ek help?"

"Wel," sê Haas, "ek het hier agter in die bos 'n koei wat in die modder vassit. Kan jy my help om haar uit te trek?"

"Ja," sê Olifant. "Ek sal alte graag help. Ek is so sterk, ek kan twintig koeie uittrek!"

"Dankie," sê Haas, en sy bind die ander punt van die sterk tou om Olifant se slurp. "Ek gaan net die ander punt om my koei bind. Wag tot ek op die trom slaan in die bos en dan begin jy trek," sê sy en draf weg.

In die bos gaan sit Haas op die grond en slaan op die trom. Walvis begin trek en Olifant begin trek en baie gou is die tou baie styf gespan. Kort-kort as hy 'n kans kry, slaan Olifant die tou nog 'n keer om sy slurp en op dié manier begin hy Walvis na die strand trek. Dit maak Walvis baie kwaad en hy duik diep in die see weg. Dit is 'n pluk en 'n half! Dit laat Olifant dwars oor die strand tot in die see gly. Olifant word baie kwaad en hy gee sy beste pluk. Toe die tou ruk, verskyn Walvis bo die water.

"Wie trek my?" spuit Walvis.
"Wie trek my?" trompetter Olifant.

Toe sien hulle elkeen van hulle hou 'n punt van die tou vas.

"Jy het my gekul!" bulder Olifant.

"Ek sal jou leer om my nie vir die gek te hou nie!" sê Walvis.

Toe begin hulle weer toutrek. Maar hierdie keer breek die tou, en Walvis en Olifant val op hulle rûe. Dit maak hulle so kwaad dat hulle nie meer met mekaar wil praat nie. Die gevolg is dat hulle twee nie oor al die diere van die aarde en al die diere van die see heers nie.

En Haas sit in die bos en lag hom slap.



Datum

# 2 Gedagtes oor Haas, Walvis en Olifant



## Ons praat

- *Is hierdie storie 'n ware verhaal? Waarom sê jy so?*
- *Waarom het Olifant en Walvis gedink hulle behoort saam te werk?*
- *Waarom dink jy wou Haas keer dat dit gebeur?*
- *Wat het Olifant en Walvis belowe om te doen om Haas te help?*
- *Waarvoor moes hulle wag?*
- *Dink jy Olifant en Walvis praat deesdae met mekaar?*
- *Waarom dink jy was dit so snaaks vir Haas?*



## Ons skryf



Wat het Haas gedoen toe sy wou hoor waaroor Walvis en Olifant praat?

Waarmee wou Haas hê Walvis en Olifant moes help?

Om watter ding het Haas die een punt van die tou gebind?

Waarom het Haas in die bos ingehardloop?

Wat het met Walvis en Olifant gebeur?

Sou jy daarvan hou om 'n maat soos Haas te hê? Hoekom?



Jy het al geleer om die woorde wat mense sê tussen aanhalingstekens te skryf. Nou moet jy twee nuwe reëls vir die gebruik van aanhalingstekens leer.

*Eerstens gebruik ons twee stelle aanhalingstekens as die naam van die spreker in die middel van die woorde staan, soos volg:*

- "Gaan was julle hande," sê hulle ma, "en dan kan julle kom eet."
- "Tel asseblief die rommel op," sê die onderwyser. "Die speelgrond is baie onnet."

*Tweedens skryf ons die titel van 'n film, DVD, video of boek ook tussen aanhalingstekens. Kyk na die voorbeelde.*

- Ek kyk elke aand na "7de Laan" op TV.
- Ek het die jeugverhaal "Soene, skelms & sjokolade" gelees.



## Ons skryf

**Pas nou hierdie twee reëls toe en vul die aanhalingstekens in hierdie sinne in.**



1) Gaan jy met 'n taxi dorp toe ry? vra Amina.
2) Na watter winkel wil jy gaan? het Maria gevra.
3) Het jy die fliek Shrek gesien?
4) Gaan jy die boek lees met die titel Hoe Haas vir Leeu en Krokodil gekul het?
5) Ek moet 'n boek lees met die titel Wat elke kind wil weet.
6) Maak jou huiswerk klaar, het Ma geroep, of jy mag nie TV kyk nie.
7) Jy is in die moeilikheid! het Thomas gegil. Jou ma het gesien wat jy doen.
8) Ek is so moeg, sê Carol. Ek gaan sewe-uur slaap.
9) Die koek ruik heerlik, sê Oupa vir Mandie toe sy dit uit die oond haal.
10) Ek wens, ek wens, sê Roelien, ek kon weet wie volgende jaar my juffrou gaan wees.



Onthou dat verskillende lande hul eie volksverhale het. Die een waarmee ons begin het, gaan oor hoe Haas vir Walvis en Olifant gekul het. Op die volgende bladsy kry ons die Afrika-verhaal oor 'n ander haas was net so vol streke was. Die storie is "Hoe Haas vir Leeu en Krokodil gekul het". En in die volgende stel werksvelle sal jy 'n volksverhaal lees wat uit Japan kom.

Onderwyser
Handtekening:
Datum:



Datum



## 3 Hoe Haas vir Leeu en Krokodil gekul het



Ons doen

**Kyk mooi na hierdie agt prentjies sodat jy die storie kan verstaan. Werk dan saam met 'n maat. Julle moet twee dinge doen.**

- Sê eerstens wat in die prentjie gebeur. Hierdie storie is amper dieselfde as die eerste een.
- Tweedens moet julle die storie in die drie diere se woorde vertel. Dit beteken die storie sal bestaan uit die dinge wat die diere sê.

***Jy sal jou kennis van aanhalingstekens moet toepas. Daar is op albei bladsye 'n woordraam om jou te help om te skryf wat die diere sê. Skryf jou konsep op ruwe papier en vra jou maat om te kyk of dit reg is.***



Ons skryf

*Skryf nou jou storie netjies langs die regte prentjies.*

Woordraam 1

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| gestreepte onderbaadjie | lag | hande op die heupe | uil in 'n boom | slapend | kyk na |



1



2



3

Nuwe woorde

Woordraam 2

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| dik | sterk tou | getrek en getrek | warm | sweterig | kwaad | is sterker | lag | apie | bok | muis |

















Datum





# 4 Oor Haas


## Ons verstaan

**Lees weer die storie van die Haas, die Walvis en die Olifant.**

Watter diere wou oor die aarde en die see heers?

Haas was die hoofkarakter in daardie storie. Hoe sal jy Haas beskryf?
Hoe het sy gelyk? Was sy slim?

Beskryf nou jou beste maat se persoonlikheid. Sê waarom hy of sy jou beste maat is en van watter van jou maat se hoedanighede jy hou.



*Verkortings (kontraksies) is twee woorde wat saamgetrek is om een woord te maak. Party van die tweede woord se letters word uitgelaat en soms deur 'n afkappingsteken vervang. Byvoorbeeld, **sy het** word **sy't**. Die afkappingsteken (') staan in die plek van **he** in het.*



Nuwe woorde





## Ons skryf

**Skryf die twee/drie woorde neer waaruit hierdie verkortings gemaak is.**

| as 't ware | hy't | aan 't werk | om 't ewe | dis |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

**Maak nou kontraksies van hierdie woorde. In hierdie geval is daar nie 'n afkappingsteken nodig nie.**

| dit is | ons het | daar is | waar is | hulle het |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |



## Werk met woorde

Stom (onuitgesproke) letters is letters wat jy nie kan hoor wanneer jy die woord uitspreek nie. Kyk na die volgende woorde. ***Omkring die stom letter in elke woord.***

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| kinders | psigiater | hoenders | psigologie | onder | sonder | psige | psigies |
| honde | perde | hande | psigoot | psigoterapie | pterodaktiel | psigosomaties | pterosourus |

**Skryf die woorde in 'n kolom hieronder. Maak dan met elke woord 'n sin wat wys jy verstaan die woord.**

Onderwyse

Handtekening:

Datum:



Datum



## 5 Die man wat die skaduwee gekoop het



Ons praat

***Wat dink jy van die opskrif van hierdie werksvel?***
***Dink jy hierdie volksverhaal sal handel oor iets wat regtig gebeur het?***
***Kyk nou na die prentjies en probeer dink van watter land hierdie volksverhaal kom.***



Ons lees

Lank gelede was daar 'n baie ryk man. Ongelukkig was hy ook 'n baie gemene, **nare** man. Hy was so gemeen en naar dat al die mense in die dorp vir hom bang was. Niemand het dit naby sy huis gewaag nie, en niemand het gewaag om met hom te praat nie. Op 'n vreeslike warm dag het die gemene man in die skadu van 'n boom by sy huis aan die slaap geraak.

Toe hy wakker word, sien hy 'n jongman langs hom wat ook die skaduwee geniet.

**Ryk man:**
Wat maak jy hier? Gaan weg, hierdie is my skaduwee!

**Jongman:**
Dit kan nie jou skaduwee wees nie. Die boom behoort aan die dorp.

**Ryk man:**
Bog! Hierdie boom en sy skaduwee behoort aan my!

**Jongman:**
Wel meneer, asseblief meneer, dan wil ek graag die skaduwee van jou boom by jou koop.

**Ryk man:**
Jy kan my skaduwee by my koop vir vyf stukke goud.

**Jongman:**
Hierso, meneer, neem die goud. Dankie, meneer. Ek is nou die eienaar van hierdie skaduwee.

Die gemene man het die goud in sy sak gesit, in sy mou gelag en weer in sy huis ingegaan.



Nuwe woorde

Later het die son begin sak en het die boom se skaduwee langer en langer gerek tot dit die gemene man se huis **bedek** het. Toe stap die jongman selfversekerd in die huis in.

**Ryk man:**
Wat maak jy in my huis? Maak dat jy hier uitkom, jou onnosel seun.
**Jongman:**
Meneer, die boom se skaduwee **bedek** hierdie huis en die skaduwee behoort aan my. Die huis behoort nou ook aan my.



Die gemene man het die huis **woedend** vir altyd verlaat en al die dorpsmense het na sy groot huis kom kyk en die boom se skaduwee geniet. En hulle het die jongman bedank omdat hy hulle gehelp het.

**'n Volksverhaal uit Japan**



Ons praat

*Dink jy dis 'n ware verhaal? Waarom?*
*Watter les is daar in die storie? (Wat moet ons uit so 'n storie leer?)*
*Waarom dink jy hou mense in verskillende lande oor die wêreld daarvan om vir hul kinders sulke stories te vertel?*
*Dink jy daar is regtig sulke mense soos die gemene man?*



Ons skryf

**Lees die storie en beantwoord dan die vrae.**

Wie is die karakters in die storie?

Waarom het die gemene man "in sy mou gelag" toe hy die goud in sy sak steek?

Datum

# 6 In die skaduwee van 'n boom

Ons weet 'n selfstandige naamwoord staan in die plek van 'n mens, 'n plek of 'n ding. 'n Adjektief (byvoeglike naamwoord) vertel ons meer van 'n selfstandige naamwoord. Hier is 'n voorbeeld uit die storie: Hy was 'n nare man.

## Ons doen

Beplan in julle groepe 'n rolspel oor die storie. Julle sal dit maklik vind omdat dit soos 'n toneelstuk geskryf is. Maar julle moet vir die storie 'n nuwe einde uitdink. Doen julle rolspel in die klas. Besluit watter groep het die beste einde.

## Ons skryf

**Koppel in elke sin 'n adjektief aan sy selfstandige naamwoord.**

| |
|---|
| Die ryk man het in 'n groot huis gewoon. |
| Die groen boom het 'n lang skaduwee gegooi. |
| Die jongman het vir die dorpsmense 'n groot partytjie gegee. |
| Die slim jongman het in die koel skaduwee gesit. |
| Die ryk man wou nie die seun toelaat om onder die boom te sit nie. |

**Omkring die adjektief in elkeen van die volgende sinne. Skryf dan die teenoorgestelde van die adjektief in die regterkantste kolom. Ons het die eerste een vir jou gedoen.**

| | |
|---|---|
| Die musiek oor die radio was luid. | sag |
| Die dorpsmense was bly toe die gemene man weg is. | |
| Die mense in die dorp was bang. | |
| Isak het die appels van die hoogste boom gepluk. | |
| Die ou man het 'n koerant gekoop. | |
| Nadia het 'n glas warm melk gedrink. | |
| Dit is 'n winderige dag. | |
| Die boeke was op die boonste rak. | |
| Mnr Schoeman bestuur 'n nuwe motor. | |
| Roland is die vinnigste swemmer in ons span. | |



**Ons skryf**

Praat met jou maat oor wat jy in hierdie prentjie sien. Gebruik adjektiewe om die dinge te beskryf wat jy sien.



**Ons skryf**

Beskryf die persoonlikheid van die ryk man in die volksverhaal. (Hierdie soort beskrywing noem ons 'n karaktersket s.) Gebruik sommige van die adjektiewe wat jy in hierdie les geleer het.

Onderwyser

Handtekening:

Datum:



Datum



## 7 Die seun wat op 'n ashoop gewoon het



Ons lees

- *Kyk na die koerantstorie en die prentjies.*
- *Waaroor dink jy handel dit?*
- *Dink jy hierdie storie is waar? Hoekom?*

# Die Oggendblad

12 Oktober 2013

**'n Seun en sy honde.**

Die veertienjarige Sizwe woon al op 'n vullishoop vandat hy 'n kleuter was. Die vullishoop is 'n stink plek, en Sizwe het dikwels nie genoeg kos om te eet nie. Sy lewe is moeilik, maar ten spyte daarvan doen hy moeite om 'n trop maer honde op die ashoop liefdevol te versorg. Selfs wanneer Sizwe baie min het om te eet, bêre hy iets vir hulle. Dit is sy storie hierdie.

Die vullishoop is nie 'n lekker plek om te bly nie. Ek is partykeer bang. Die mense hier het 'n slegte lewe. Hulle brand dikwels goed om warm te bly en die rook brand ons oë en longe.

Toe ek drie jaar oud was het ek by my ouma en oupa gewoon. Toe hulle dood is, het ek, my ma en my boetie by my tannie gaan woon, maar sy het ons weggejaag. Ons het nêrens gehad om heen te gaan nie en het toe maar op die vullishoop kom woon. My ma het siek geword en ons het haar hospitaal toe geneem. Sy was lank in die hospitaal maar is toe dood. Ek was hartseer.

My ma se familie wou ons nie hê nie. Ek het my eie klein huisie op die ashoop gebou. Dit is klein, net 'n hut. Partykeer kry ek klere en dan was ek hulle en dra hulle. Ek voel partykeer eensaam, maar die honde is nou my gesin. Ek het 20 honde. Vier van die kleiner honde slaap by my en die ander slaap buite my hut. Hulle pas my op. Honde kan nie praat nie maar hulle kan jou lewe red.

Ek het aan die president 'n brief geskryf om hom te vra om die mense te help wat op die vullishoop woon.



Ons praat

- *Maak 'n lys van al die verskillende probleme wat Sizwe in sy storie noem. Vergelyk hulle met die sake wat hy in sy brief aan die president noem.*
- *Sizwe het al baie probleme in sy lewe gehad. Kyk hoeveel probleme jy kan raaksien.*
- *Woon hy nog steeds op die vullishoop?*
- *Waar kan kinders soos Sizwe gehelp word?*

**Lys van probleme:**



Nuwe woorde



## Ons lees

Geagte President Zuma

Help asseblief die mense wat op die vullishoop woon. Daar is geen water, kos of elektrisiteit nie. Neem asseblief die kinders van die vullishoop weg en stuur hulle skool toe. Ek is gelukkig. My lewe het verander en ek woon nou by 'n nuwe gesin. Ek het begin skoolgaan. Ek hou van my onderwysers en ek is lief vir lees. Maar ek is nog bekommerd oor my boetie. Hy is nog op die vullishoop en dis gevaarlik daar. Daar was mense op die vullishoop wat goed was vir my. My honde was altyd goed vir my en ek was lief vir hulle. Maar asseblief, meneer die President, help daardie mense op die vullishoop. Hulle het kos nodig. Hulle het u hulp nodig.

Die uwe

*Sizwe*



## Ons skryf

**Kyk na die koerantartikel en die brief. Onderstreep al die adjektiewe wat Sizwe gebruik om sy lewe op die vullishoop te beskryf. Skryf nou vyf sinne waarin jy die adjektiewe gebruik.**



Skryf sinne waarin jy die volgende woordpare gebruik. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

| | | |
|---|---|---|
| ek | my | Ek is lief vir my honde. |
| jy | jou | |
| hy | sy | |
| ons | ons | |
| hulle | hulle/hul | |
| sy | haar | |
| julle | julle/jul | |



Datum

# 8 Oor my



Ons praat

**In die vorige les het jy gelees van Sizwe se lewe toe hy 'n seuntjie was.**

Praat met die groep oor jou eie lewe en wat in die verskillende stadiums van jou lewe gebeur het. Vul die belangrike ouderdomme in die linkerkantste kolom in en verduidelik wat in elke stadium gebeur het. Begin by jou geboorte en gaan voort tot by vandag.



Ons skryf

| Ouderdom | Hoogtepunte van my lewe |
|---|---|
| Gebore in | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |



Nuwe woorde



## Ons skryf

**Skryf 'n dagboekinskrywing oor 'n tyd toe jy baie gelukkig gevoel het.**

Maak volsinne deur 'n streep te trek van die deel in die pienk kolom na die korrekte deel in die groen kolom.

| | | |
|---|---|---|
| Ons het ou klere gekry en | | want my bed was warm. |
| Omdat ek nêrens kon woon nie, | | mis ek my ou vriende. |
| My honde was lief daarvoor om by my te slaap | | dit gewas sodat ons dit kon dra. |
| Alhoewel ek nou in 'n nuwe gesin woon, | | het ek my eie huisie gebou. |



**Vul die punktuasie in die volgende sinne in.**

waar woon jy nou

is jy gelukkig in jou nuwe gesin

hou jy daarvan om skool te gaan

my verjaarsdag is in julie

Onderwyser

Handtekening:

Datum:



Datum

## 9 Skoolmeisie red seun se lewe



Ons lees

- *Voor jy hierdie koerantartikel lees, kyk na die opskrif, die foto en die pamflet op die oorkantste bladsy. Probeer uitwerk waaroor die artikel handel.*
- *Lees nou die artikel.*

Verslaggewer — Maandag 27 Februarie 2013

# Reddingspoging van 'n jong swemmer

**Bessie Venter,** 'n 12-jarige graadvyfleerling aan die Kromdraai-laerskool, het 'n skoolseun gered wat amper in 'n dam verdrink het. Die agtjarige Michael Naidoo het Vrydagmiddag in die Blouklipdam naby die skool geswem. Volgens berigte het die graaddrieseun probeer om uit 'n boom te duik, maar hy het sy kop teen 'n boomstomp gestamp voordat hy die water getref het. Bessie, wat op pad huis toe was van die skool af, het die seun in die dam sien dryf. Sy het onmiddellik ingeduik om hom te red. Sy is die kaptein van die skool se swemspan en het ook 'n sertifikaat in noodhulp.



Bessie het die seun aan wal gebring en hom **bygebring**. Sy het geweet hoe om mond-tot-mond-asemhaling toe te pas. Die Rooi Kruis sê sodanige lewensreddingstegnieke is nie moeilik nie maar 'n mens moet vinnig optree. Indien iemand ophou asemhaal, moet 'n mens onmiddellik iets doen. Gelukkig het Bessie se maat, Annatjie Venter, ook net toe by die **ongelukstoneel** verbygestap. Haar hond het begin blaf en sy het na die toneel gegaan waar Bessie die seun help. Sy het die skoolhoof gebel en sy het die Beskermingsdienste **ontbied**.

Bessie gaan 'n beloning vir haar dapperheid ontvang en omdat sy Michael Naidoo se lewe gered het.

Die skoolhoof, mev Makhanya, sê sy het die leerders gewaarsku om nie stout te wees nie. Hulle mag nie alleen by die dam speel nie. Die hoof het al die kinders gevra om noodhulpklasse en swemlesse by te woon.




Die koerant het ook 'n pamflet oor noodgevalle gedruk. Dit wys dat lewensreddingsmetodes maklik is om toe te pas. Lees die pamflet deur.

# Die A A B van noodgevalle

## A — Kop Agteroor

- Draai die persoon se kop na die kant toe om te verseker dat die water uit sy/haar mond en neus loop. Draai die kop weer terug na die middel.
- Laat die kop agteroor sak.
- Lig die ken op.



## A — Asemhaling

- Haal die persoon asem? Indien nie, begin met mond-tot-mond-asemhaling. Druk die neusgate toe.
- Bedek sy/haar mond met 'n doek (of 'n stuk plastiek met 'n opening in) om HIV-besmetting deur wonde of sere te verhoed.
- Druk jou lippe oor die persoon se mond.
- Blaas in die mond.
- Hou die kop agteroor.
- Maak seker dat die borskas lig met elke asem.



## B — Bloedsomloop

- Voel in die persoon se nek of daar 'n pols is.
- Indien nie, druk met albei hande op die persoon se borsbeen.
- Pomp die borskas 15 keer, blaas dan twee asems. Herhaal dit tot die pols terugkeer of tot hulp opdaag.
- Kyk of die borskas beweeg na elke asem.



## Nasionale noodnommers

**Polisie 10111** **Ambulans 10177** **Kinderhulplyn 0800 055555**

**Ander nommers** ____________ ____________



Datum



# 10 Hoe Bessie 'n seun gered het

Ons skryf

**Lees weer die koerantartikel. Beantwoord dan hierdie vrae.**

Wat is die opskrif in die koerant?

Op watter dag en datum het hierdie ongeluk gebeur?
(Wenk: Kyk na die koerant se datum en werk dit uit.)

Wat het met Michael Naidoo gebeur? Skryf drie sinne om te verduidelik wat hom oorgekom het. Begin jou sinne met die woorde hieronder.

1) Eers het hy

2) Toe het hy

3) Op die ou einde het hy

Wat is die twee tegnieke wat Bessie geken het en wat Michael se lewe gered het?



Wat is die **AAB** van hulp in noodgevalle?

A

A

B

Waarom moet jy iets oor jou mond sit wanneer jy mond-tot-mond-asemhaling op iemand toepas?



## Ons skryf



**Hakies**

Ons gebruik sulke hakies ( ) wanneer ons vir die leser ekstra inligting wil gee of wanneer ons iets wil verduidelik. Indien jy hakies sien terwyl jy lees, moet jy stop, lees wat tussen die hakies staan, dit onthou en dan verder lees. **Voorbeeld**: Elke groep mense het hul eie gunstelingstories (ons noem dit volksverhale).

**Pas hierdie woorde by hul definisies. Skryf die nommer van elke woord links langs die regte definisie.**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Ongelukstoneel | Gevra om uit te kom |
| 2. | Bygebring | Spesiale manier van iets doen |
| 3. | Ontbied | Plek waar ongeluk gebeur het |
| 4. | Tegniek | Gehelp om bewussyn te herwin |

Gaan lees weer die koerantartikel. Onderstreep al die selfstandige naamwoorde. Onderstreep al die eiename (name van mense en plekke) met rooi en die soortname (name van dinge) met blou. Vul dan die selfstandige naamwoorde onder die regte opskrifte in.

| Persoon | | Plek | | Ding | |
|---|---|---|---|---|---|
| Bessie | | Krondraal-laerskool | | hond | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

**Herskryf hierdie sinne in die teenwoordige tyd asof alles nou gebeur.**

Bessie het 'n skoolseun gered wat besig was om in 'n dam te verdrink.

Die seun het probeer om van 'n tak af te duik.

Bessie het in die dam ingeduik en die seun na die wal gebring.

Beskryf nou hoe Bessie gevoel het, maar skryf jou beskrywing in die teenwoordige tyd.

Onderwyser

Handtekening:

Datum:



Datum

# 11 Spesiale voegsels



## Ons skryf

'n Voorvoegsel is 'n groep letters wat die betekenis van 'n word verander as jy dit vooraan 'n woord las. Die voorvoegsel on beteken byvoorbeeld nie. As ons on voeg by die stamwoord gelukkig, kry ons ongelukkig, wat nie gelukkig nie beteken. Die voorvoegsels dis, wan, in, im en mis beteken almal in sekere gevalle nie.

**Voltooi die sinne deur een van hierdie voorvoegsels aan die stamwoord te las.**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| dis | on | in | wan | mis | im |

Die seun wou van 'n tak af duik, maar sy poging het ___luk.

As jy agter jou maat se rug van haar skinder, is jy baie ___lojaal.

Sommige mense raak baie depressief omdat daar 'n chemiese ___balans in hulle brein is.

Dit was ___moontlik om by die skool te kom want die bus het gebreek.

As ons nie immigrante uit ander lande aanvaar nie, maak ons ons skuldig aan ___toleransie.

Dit is ___respekvol om met jou mond vol kos te praat.

Party klere word teen halfprys verkoop omdat hulle ___perfeksies het.

Mense wat hul vriende se foute goedpraat, ly aan ___plaaste lojaliteit.

***Maak 'n plakkaat om jou skoolmaats aan te moedig om óf noodhulp óf swemlesse te neem.***



'n Goeie paragraaf behoort oor net een onderwerp (tema) te handel. Die beste plek om die onderwerp te noem, is in die eerste sin. Indien jy oor 'n ander onderwerp wil praat, moet jy met 'n nuwe paragraaf begin.



## Ons skryf

Kyk na die sinne hieronder en haal dié uit wat nie by die onderwerp pas nie. Skryf dan die paragraaf in die ruimte daaronder. Jy sal die sinne in die regte volgorde moet plaas.

| |
|---|
| Bessie het die seun gered. (onderwerpsin) |
| Die seun het in die dam ingeduik. |
| Hy het sy kop teen 'n stomp gestamp en in die water geval. |
| Bessie het ingeduik om die seun te red. |
| Die dam is mooi. |
| Die blare is groen. |
| Gelukkig het Bessie daar verbygestap. |





Datum



# 12 Twee briewe



## Ons lees

**Bessie vertel vir haar niggie Nadine hoe sy gevoel het toe sy Michael gered het.**

Plot 24
Kromdraai
Limpopo
1739
28 Februarie 2013

Liewe Nadine

Onthou jy nog die dam waarnatoe ons gegaan het toe jy by ons gekuier het? Ons het dit so geniet om in die water in te gly.

Ek het gister van die skool af huis toe geloop deur die veld naby die dam. Skielik het ek iets op die dam sien dryf en toe nader gegaan om te sien wat dit is.

Ek het my lam geskrik toe ek sien dis 'n seun en ek het gedink hy is dood. Ek het my skoene en romp uitgepluk en in die water ingeduik. Ek het hom gegryp en uitgesleep. Toe hy daar op die grond lê, het ek hom herken. Dit was Michael Naidoo, 'n graaddrieseun van ons skool.

Ek was so bang, Nadine, want hy het nie asemgehaal nie. Maar gelukkig het ek die AAB van noodgevalle onthou wat ek in my noodhulpklasse geleer het. Ek het toe 'n stuk plastiek van een van my boeke afgetrek, 'n gat daarin gemaak en vir hom mond-tot-mond-asemhaling gegee.

Ek was baie bly toe hy begin asemhaal het en nog blyer toe ek Annatjie by die dam sien aankom met mev Makhanya, ons skoolhoof.

Ek is so bly Michael lewe. Ek gaan almal wat ek ken vertel hulle moet leer swem en noodhulpklasse neem.

Volgende Vrydag gaan Michael se gesin my 'n beloning gee. Nadine, vra asseblief jou ma of jy na my skool toe kan kom. Ek verlang na jou.

Jou niggie
**Bessie**

NS Ek het vir jou 'n paar foto's gestuur van ons twee wat saamspeel.



Nuwe woorde



## Ons skryf

Verbeel jou jy is Michael. Skryf 'n brief vir Bessie om haar te bedank dat sy jou lewe gered het. Gebruik jou eie adres.



Skryf jou adres hier.

Skryf die datum hier.

Liewe Bessie

Skryf jou slot hier.

Skryf jou naam hier.

Adresseer nou 'n koevert aan Bessie. (Jy kry haar adres bo-aan haar brief aan Nadine.)




Naam

Adres

Kode

Onderwyse[r]

Handtekening:

Datum:





- *Op hierdie bladsy is daar twee nuusberigte.*
- *Kyk na die opskrifte (koppe) en kyk na die prentjies.*
- *Waaroor dink jy handel die berigte?*
- *Sien jy enige verband tussen die berigte?*

## 13 Hoe ons onsself kan oppas



Ons lees

Dagblad 13 Maart 2013

# Nuwe rookwette beskerm kinders





Meer as die helfte van die wêreld se kinders asem lug in wat deur tabakrook besoedel is en byna 5% van alle brande in Suid-Afrika word deur sigarette veroorsaak. Die nuwe wette teen rook bied aanvullende beskerming vir kinders.

Die Wêreldgesondheidsorganisasie waarsku ons dat passiewe rook (inaseming van iemand anders se sigaretrook) 'n ernstige gesondheidsrisiko inhou, veral vir kinders.

Die nuwe Suid-Afrikaanse wette teen rook is daarop gemik om mense te verbied om naby kinders te rook. Dit sal hulle beskerm teen skadelike tweedehandse rook, wat asma, aamborstigheid, brongitis en ander longsiektes veroorsaak. Die nuwe wette maak dit onwettig om in 'n motor te rook wanneer jy saam met kinders reis wat jonger as 12 is, en niemand onder 18 word in 'n rookgebied toegelaat nie.

Verder moet sigaretmaatskappye van nou af prentjies op sigaretpakkies aanbring wat rokers wys hoe sleg tabak vir hulle gesondheid is, en mag hulle die sigarette nie met terme soos "min teer", "lig" of "sag" beskryf nie. Sommige sigaretmaatskappye gebruik hierdie terme op hul verpakkings omdat dit mense laat dink dat "ligte" sigarette minder skadelik as gewone sigarette is. Maar dit is misleidend. Ligte sigarette hou nie 'n kleiner gesondheidsrisiko in nie.

Die Nasionale Raad teen Rook (NRTR) lewer die volgende kommentaar: "Die nuwe wetgewing sal 'n belangrike invloed op die openbare gesondheid uitoefen. Twee en twintig persent van Suid-Afrikaners rook en die ander 78% hou nie daarvan om iemand anders se tabakrook in te asem nie. Rook is 'n aanleidende oorsaak van premature, voorkombare dood. Tabak veroorsaak elke jaar die dood van 40 000 Suid-Afrikaners, wat drie keer meer is as die aantal mense wat in motorongelukke sterf."

National Geographic Kids Augustus 2013

# Papegaai red peuter

Toe die kinderoppasser Maria Howard die papegaai Willie "Mamma, Baba!" hoor sê het, het sy geweet iets is verkeerd. Sy het gehardloop om te kyk wat aangaan, en op die tweejarige Hanna Desai afgekom waar sy aan haar kos stik en al blou word omdat sy nie asem kon kry nie. Maria het daarin geslaag om die kos uit haar keel te kry (met behulp van 'n tegniek wat sy in 'n noodhulpklas geleer het) en Hanna se lewe is gered.

Willie die papegaai het geweet Hanna is in gevaar en hy wou hê Maria moet haar help. *National Geographic* se papegaaikenner sê papegaaie is baie slim voëls. "Hulle kan gevaarlike situasies aanvoel. Hulle ontwikkel baie sterk bande met mense en is bewus van bedreigings."

Hanna is vandag vrolik en gesond en Willie die papegaai laat haar nie onder sy oë uit nie. Hy volg haar orals waar sy gaan en kras: "Ek is lief vir jou."

(Verwerk uit *National Geographic Kids* van Augustus 2010)








Ons praat



**Lees die volgende verduideliking en kyk na die diagram.**

- *Verduidelik vir jou maat hoe die longe werk.*
- *Teken nou pyltjies op die diagram om te wys hoe die lug na en van ons longe beweeg.*
- *Kan jy sien waarom die kos waaraan Anna verstik het, gekeer het dat sy asemhaal?*
- *Kan jy die deel van die long sien wat deur rook beskadig is?*

## Hoe jou longe werk




| |
|---|
| Ek haal asem deur my neus en mond. |
| Die lug word in my neusholte vogtig, warm en skoon gemaak. |
| Die lug gaan deur my lugpype na albei my longe. |
| Onder my longe is 'n sterk spier. Dit is my mantelvlies. Dit help my longe om vars lug in te trek en gebruikte lug uit te stoot. |
| Om my longe is daar 24 ribbe. Hulle werk is om my longe te beskerm. My ribbe help ook my longe in en uit beweeg. |

Datum



# 14 Rook is skadelik

**Ons lees**

**Lees albei artikels en beantwoord dan die vrae.**

Wat het die twee artikels gemeen? Wat is die verband?

Hoe sal die wette teen rook kinders beskerm?

Watter kenners word in die artikel teen rook aangehaal?

Waarom is dit misleidend om op 'n sigaretpakkie te skryf die sigarette is "lig"?

Wat is passiewe rook?
(Wenk: Kyk na die verduideliking tussen hakies in die koerantartikel.)

Wat vertel die spotprent ons van rook?





Nuwe woorde



Ons doen

**Kies enige rolspel hieronder en doen dit in die klas.**

- Wys hoe 'n grootmens naby 'n kind rook. Die rolspel moet wys wat die rook aan die kind doen. In die rolspel moet daar 'n kommentator (verteller) wees wat vir die grootmens vertel waarom hy of sy nie naby kinders behoort te rook nie.
- Wys wat het met baba Hanna gebeur. Een kind in jou groep moet die rol van die papegaai vertolk en iemand anders moet Hanna wees.

**Maak 'n plakkaat wat volwassenes inlig dat hulle nie naby kinders moet rook nie.**



Ons skryf

**Wanneer jy dit klaar gedoen het, beoordeel jou maat se plakkaat en beantwoord die volgende vrae:**

| | 🙂 | 😐 | 🙁 |
|---|---|---|---|
| Trek die opskrif die aandag? | | | |
| Het die plakkaat 'n prentjie wat die boodskap ondersteun? | | | |
| Dink jy die boodskap sal mense oorreed om nie te rook nie? | | | |
| Is die inligting op die plakkaat korrek? | | | |
| Hoe kan jou maat die plakkaat verbeter? | | | |

Onderwyse

Handtekening:

Datum:



Datum

# 15 Hoe ons vir onsself sorg



## Ons skryf

Kry die ontbrekende woord in die sin en voeg dan **vol** of **loos** daarby om dit die regte betekenis in die sin te gee.

Jy het al van **voorvoegsels** (prefikse) geleer en jy weet dat hulle aan die begin van 'n woord kom. 'n **Agtervoegsel** (suffiks) is 'n groep letters wat 'n woord se betekenis verander wanneer jy dit agteraan die woord las. "**Vol**" agteraan 'n woord beteken **vol van**, met ander woorde iemand wat **hoopvol** is, is vol hoop. As iets **propvol** is, is dit **vol tot by die prop**.

| | |
|---|---|
| hulp | prop |
| hoop | vorm |

Die rok hang ______________ aan die maer meisie se liggaam.

Al is die kaptein beseer, is die span nog ______________ oor hulle kans om te wen.

Sigarette is ______________ skadelike nikotien.

Bessie het nie ______________ gestaan en kyk toe sy sien Michael gaan verdrink nie.

**Daar is aan elkeen van die volgende woorde 'n voor- of agtervoegsel geheg. Onderstreep die stam (die hoofwoord) en trek dan 'n kring om die voor- of agtervoegsel.**

nuttig

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| gebruiklik | herskryf | suksesvol | gehardloop | ontdekking |
| bewolk | ontdek | kragtig | nutteloos | reënerig |



## Ons doen

Hierdie foto's wys aksies wat 'n tyd lank duur. Praat oor hoe lank dit duur.



Ek het vinnig gehardloop



Ek het in my bed geslaap



Ek het my tande geborsel



Ek het netbal gespeel






## Ons skryf

**Skryf nou drie sinne van jou eie oor aksie in die verlede tyd.**
**Hier is 'n voorbeeld:** "Annatjie het die skoolhoof saamgebring."





## Werk met woorde

**Pas die voorvoegsel in die eerste kolom by die regte woord in die tweede kolom. Skryf dan die volledige woord in die regterkantste kolom.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| her | | wetenskaplik | |
| pre | | gesond | |
| mis | | lojaal | |
| nie | | matuur | |
| on | | lei | |
| dis | | skryf | |



Datum

# 16 Skryf 'n koerantartikel



Ons doen

Beplan jou eie koerantartikel. Bespreek die vrae op die skema met jou maat.






Ons skryf



Skryf jou eie koerantartikel in die ruimtes wat voorsien is. Gee jou koerant 'n naam. Bedink 'n pittige opskrif en skryf dan jou nuus met behulp van die aantekeninge in jou skema. Nadat jy dit gedoen het, ruil jou artikel uit met 'n paar klasmaats en kyk wie het die interessantste nuus.

Nuwe woorde



Naam van die koerant en die datum

Deur (Skryf jou naam)

Teken 'n prentjie

Opskrif

Sê wat gebeur het

Sê wanneer dit gebeur het


Sê wie betrokke was

Sê hoe dit geëindig het

Onderwyser

Handtekening:

Datum:


2



Datum

# 17 Die klanke van poësie



Ons praat

Jy het tot dusver hierdie termyn 'n paar fabels uit verskillende lande gelees en jy het na 'n paar koerantartikels gekyk. Ons gaan nou na 'n totaal verskillende skryfvorm kyk: die poësie, of digkuns. Baie gedigte het 'n definitiewe ritme en 'n woordpatroon wat rym, maar daar is ook ander gedigte wat hul eie styl het. Alle gedigte het egter een ding gemeen: hulle is gelaai met betekenis.

**Ons dink jy gaan hierdie week se fees van gedigte geniet.**



Ons lees





### Ek praat, ek sê, ek gesels

Henne kekkel
Hane kraai
Meisies giggel
Seuns lawaai
Brommers brom
Varkies skree
Honde grom
Kanaries kweel
Paddas kwaak
Wolwe huil
Maar ek PRAAT!

Walvisse sing
Kraaie kras
Duiwe koer
En klippies knars
Apies babbel
Perde runnik
Water kabbel
Beeste bulk
Koeie moe
En kwêvoëls kwê
Bye zoem
Maar ek, ek SÊ!

Vinke kwetter
Kalkoene koele-koe
Olifant trompetter
'n Uil hoe-hoe
Hondjies blaf
Katlagters raas
Katjies miaau
Ganse blaas
'n Slang sis
'n Papegaai krys
Maar ek GESELS!

(Op 'n idee van A Shapiro)



Ons doen

Gedigte gebruik dikwels woorde vir hulle klankeffek. Maak die geluide van ses diere wat in die gedig genoem word. Laat jou maats raai watter dier jy is.






Ons skryf

**Waaroor handel hierdie gedig?**
Mense moe of kwaak nie. Wat doen mense dan? Onderstreep die woorde in die gedig vir klanke wat mense maak en skryf hulle dan hier neer.

Lys ses diere wat in die gedig genoem word en skryf onder elkeen die geluid wat die dier maak.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| | | | | | |

Kry woorde in die gedig wat met hierdie woorde rym:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| grom | | sê | | moe | |
| babbel | | raas | | trompetter | |

**Nog inligting oor agtervoegsels**
Jy onthou seker dat ons iets by 'n woord se betekenis kan voeg deur 'n agtervoegsel aan die woord te las. Een so 'n agtervoegsel is end. Saam met 'n werkwoord beteken dit dat iets besig is om te gebeur.
Die seun hardloop al geselsend langs die hond.
Maar onthou brommend en brullend.
As die stamwoord 'n kort klank het wat eindig op 'n medeklinker (m, t, k, l, d, ens), verdubbel die medeklinker.
En partykeer moet jy 'n ekstra letter invoeg: mislei - misleidend; bak – bakkend.



Ons skryf

Voeg end(e) by om hierdie sinne te voltooi. Pas op vir kort klanke voor 'n medeklinker.

1. Die ongehoorsame meisie sit al kou___ in die klas.
2. Die plante verskroei in die bak___ son.
3. "Soos wagters wag__ op die môre."
4. In die winter stap ons skool toe in die byt___ koue.
5. Die onderwyser staar ons frons___ aan.

Gaan jou antwoorde na en skryf hulle dan in jou woordeboek.

1=end 2=kende 3=tend 4=ende 5=end

Teacher
Sign
Date



Datum



## 18 Die musiek van poësie



Ons lees






### Katte slaap op enige plek

Katte slaap op enige plek, op 'n tafel, in my nek.
Bo-op die laaikas, vensterbank, opgekrul of bene lank.
In die klerekas, op 'n skoen, enige skoot sal die ding doen.
Op Sus se rokkies, in die laai met sokkies.
Katte is regtig min gespin; wys hulle 'n plek en hulle is in!
(Eleanor Farjeon)



Ons skryf

Waaroor handel die gedig?

Dink jy die skrywer hou van katte? Waarom?

Kry in die gedig woorde wat met die volgende woorde rym en skryf hulle in die blokkies neer.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| plek | | skoen | | Kaap | |
| vensterbank | | rokkies | | poot | |

Wat sê die gedig oor plekke waar katte graag slaap? Maak 'n lys.

Kan jy aan nog plekke dink waar katte graag slaap?



Nuwe woorde

**Poësie is pret**

## 'n Niesbui sonder gelyke

*Ek het die heelnag deur genies*
*En voel vanoggend vaal.*
*My ma het net een kyk gegee*
*En 'n bottel pille gaan haal.*
*My neus het geloop, my oë het getraan,*
*Ek was regtig siek.*
*Ek het agtuur al bed toe gegaan*

*Terwyl Sussie sit en fliek.*
*Toe nies en proes ek aanmekaar,*
*Sowaar, die boks snesies is op.*
*En nou sal juffrou beslis verstaan,*
*Dat ek die speltoets gaan dop!*

*Bruce Lansky (aangepas)*

Ons skryf



Ons praat

- Probeer die musiek of die ritme van die gedig voel. Lees dit hardop en klap die ritme met jou hande.
- Praat met 'n maat oor die onderwerp van die gedig.
- Waarom het die skrywer vaal gelyk?

Probeer jou eie gedig skryf. Kyk of jy elke tweede reël op 'n rymwoord kan laat eindig.
Skryf jou gedig op 'n rofwerkpapier. Lees dit hardop vir jou maat en skryf dit dan hieronder in.

Ons skryf

Datum

# 19 'n Lofdig vir Suid-Afrika

## Ons lees

Suid-Afrika, kom ons vat hande
'n Trotse nasie is ons
Ons sing saam ons lied
Nkosi Sikelel' iAfrika.

Selfs ons jong klomp
Kan saam help bou
Aan 'n beter land vir almal
Nkosi Sikelel' iAfrika.

Masakhane kom ons bou
Ons is die leiers van môre
Leiers in ons sonskynland
Nkosi Sikelel' iAfrika.



## Ons praat

- Waaroor handel die gedig?
- Waarom sê ons dit is 'n lofdig?
- Het die gedig ritme?
- Wat dink jy kan jy en jou maats as leerders doen om van hierdie land 'n beter plek te maak om in te woon? Vul jou idees in die spinnekopkaart in.






## Ons skryf

Skryf nou 'n paragraaf oor hoe 'n mens Suid-Afrika 'n beter plek kan maak. Gebruik die idees in jou spinnekopkaart. Ons het vir jou die hoofonderwerpsin gegee om jou paragraaf mee te begin.

**Suid-Afrika is 'n pragtige land en ons kan almal bydra om dit 'n beter plek te maak om in te woon.**



Skryf nou jou eie gedig oor die lewe in Suid-Afrika.

## Ons skryf

Jy het hierdie week baie van woorde geleer. Jy het byvoorbeeld geleer dat adjektiewe die woorde is wat selfstandige naamwoorde beskryf. Kyk of jy sinonieme (woorde met **dieselfde** betekenis) vir hierdie adjektiewe kan kry.

Gebruik die woorde in die raam om jou te help.

Sinonieme is woorde wat dieselfde betekenis het. **Kalm** is byvoorbeeld 'n sinoniem vir **rustig**.

vuil, verlore, stukkend, ingedagte, klein, bang, blink

moeg, oud, opgebou, breed, dapper, onnet

Teacher

Sign

Date

Kwartaal 1 – Week 5

Datum

# 20 Al om die son

Hierdie week onderneem ons 'n reis deur die ruimte. Wanneer ons terugkom aarde toe, gaan ons na die wêreld om ons kyk.

**Ons praat**

- Ken jy die planete se name?
- Wonder jy wat planete is? Is hulle soos ons planeet, Aarde?
- Het jy al ooit enigeen van hulle in die nag in die lug gesien?
- Weet jy hoe ver ons van die son af is?

**Ons lees**



In ons eselsbrug word Pluto nog as die 9de planeet gereken. Maar in 2006 het wetenskaplikes op 'n nuwe definisie vir die begrip planeet besluit. Hulle het gesê Pluto kwalifiseer nie meer as planeet nie. Sedertdien is daar nuwe planete ontdek, wat net bewys dat ons nooit te oud word om iets van die wêreld waarin ons woon, te leer nie.

## Eselsbrug vir die planete

*Wat? vra jy nou seker. Wat het 'n esel met die planete te doen? Wel, 'n eselsbrug het eintlik niks met 'n esel te doen nie. Hier's die oplossing: 'n Eselsbrug is 'n rympie wat jou help om 'n lys goed te onthou. Daar is 9 belangrike planete en ons leer hulle altyd in hulle volgorde vanaf die son: Mercurius, Venus, Aarde, Mars, Jupiter, Saturnus, Uranus, Neptunus en Pluto.*

*En hier is jou rympie: **Marina, vra asseblief meneer Julius se uniform** na parade. Die woorde se eerste letters is ook die eerste letters van die planete se name. Al wat jy nog moet onthou, is dat die eerste "m" vir Mercurius staan, nie vir Mars nie.*

M. Goldish

**Personifikasie**

Digters het al geskryf dat die planete "sing" terwyl hulle deur die ruimte beweeg. Sing is iets wat mense doen, dus maak die digters asof die planete mense is. Dit noem ons personifikasie. Gaan kyk weer na die gedig in werksvel 17. Daar sê die digter "walvisse sing". Dit is ook **personifikasie.**

**Ons praat**


- Wat is 'n ander woord vir 'n esel?
- Waarom dink jy het 'n mens partykeer 'n eselsbrug nodig?
- Het die eselsbrug iets te doen met die planete se posisie in die ruimte?
- Hoe naby is ons planeet, Aarde, aan die son?
- Is hierdie eselsbrug 'n gedig? Gee jou redes.






## Ons doen

Kyk nou na die eselsbrug en na die tekening hieronder. Kyk of jy al die name van die planete kan invul deur aan die eerste letters van die woorde te dink. Dit help jou met die posisie van elke planeet. Ons het die eerste een se naam vir jou ingevul. Wanneer jy klaar, is kan jy na die eselsbrug teruggaan om seker te maak jy is reg. Maar onthou, Pluto is nie 'n planeet nie.





Datum



# 21 Die helder reus

- Het jy al ooit baie, baie vroeg opgestaan en die son sien opkom?
- Het jy al gekyk hoe die son ondergaan? Hoe het jy dit beleef?



Ons lees






Het jy al douvoordag wakker geword? Het jy al gekyk hoe die nag stadig in dag verander? Indien nie, probeer een oggend vroeg opstaan. Kyk na die lug. As jy vroeg genoeg wakker geword het, sal die lug nog swart wees. Maar as jy 'n rukkie sit en kyk, sal jy sien hoe die lug in die ooste stadig grys word. Dan versprei 'n pienk **gloed** op die oostelike **horison**. Dan sal jy skielik die piepklein, bloedrooi skyfie oor die rand van die aarde sien loer. Die son.

Stadig maar seker sal daar 'n al groter bal sigbaar word namate die son in die lug opstyg. Maar die son styg nie regtig nie. Dit lyk vir ons asof dit in die lug hoër klim. Maar wat regtig gebeur, is dat ons deel van die wêreld stadig draai sodat 'n al groter deel daarvan na die son toe wys. Dit beteken wanneer een helfte van die aarde heeltemal verlig is, is die ander helfte in die donker.



Met ander woorde, terwyl jy opstaan om skool toe te gaan, gaan die kinders aan die teenoorgestelde kant van die aardbol bed toe. Wanneer dit by ons dag is, is dit nag aan die ander kant.



Nuwe woorde

## Ons verstaan

| |
|---|
| Waaroor handel die leesstuk? |
| |
| |
| Hoe laat word jy wakker om skool toe te gaan? |
| Wat doen die kinders aan die ander kant van die aardbol wanneer jy opstaan? Hoekom? |
| |
| Watter kleure sê die skrywer sal jy sien wanneer die dag breek? |
| Eers |
| Dan |
| Uiteindelik |
| |



## Ons skryf

Kyk na hierdie woordpare. Die woorde klink dieselfde maar hulle het verskillende betekenisse. Ons noem hulle homofone.

| | | | |
|---|---|---|---|
| steil | styl | bry | brei |
| vier | fier | grootte | grote |
| Morse | mors | wyer | weier |

Kies drie van hierdie pare homofone en skryf 'n sin wat wys dat jy elkeen se betekenis verstaan. Dit beteken dat jy ses sinne sal moet skryf. Ons het een vir jou gedoen as 'n voorbeeld.

| |
|---|
| Die meisie wat truie met wol en naalde maak, word 'n breier genoem. |
| Die seun wat sy "r" soos 'n "g" agter in sy keel uitspreek, is 'n bryer. |
| |
| |
| |
| |
| |

Teacher
Sign
Date



Datum



# 22 Waar is die son?



## Ons lees





Miljoene kilometer van ons af is daar in die ruimte 'n reusagtige bal warm, gloeiende gas. Ons noem dit die son. Die son is eintlik 'n ster. Dit is die ster wat die naaste aan ons aarde is. Sol was die eerste naam wat die son gehad het, en daarom praat ons van "solêr", wat "van die son" beteken". Vandag het die son baie verskillende name in al die tale van die wêreld.

Die son is enorm maar dit lyk klein. Dit is omdat dit 150 miljoen kilometer van die aarde af is. Die son is warm, baie warmer as wat jy jou ooit kan voorstel. Dit is waarom dit helder is. Hoe warmer iets is, hoe helderder gloei dit. Die son skyn woes helder, en dit is waarom jy nooit direk daarna moet kyk nie.

Tog is die son nie 'n bol vuur nie. Dit is eintlik 'n bal borrelende gas wat so styf saamgedruk is dat dit by die kern eintlik solied is – harder as staal. Sonder die son sou daar geen lewe op aarde wees nie. Die son straal energie uit sy kokende hoogoond uit. Die sonstrale gaan in alle rigtings uit en party skiet direk na 'n klein, blouerige planeet wat in hulle pad lê. Dit is die aarde. Die energie bereik ons in die vorm van liggolwe. Hulle val op die blare van groen plante en bome en gee lewe aan elke lewende ding.



## Ons skryf

As die son dan enorm is, waarom lyk hy so klein?

Hoe ver is die son van die aarde? Skryf die afstand in syfers.

Is die son 'n bol vuur?

Wat is die blou planeet waarop die son skyn?



Nuwe woorde

## Werk met woorde

Gee die teenoorgesteldes of antonieme van hierdie woorde.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| naaste | | helder | | dag | |
| enorm | | styf | | donker | |

## Wat word snags van die son?



Ons lees

*Ek sien die son se helder prag*
*En wonder wat doen hy in die nag.*
*Gaan hy slaap of wag mense vir hom*
*Om aan die ander kant op te kom?*

*Het hy net agter die berge verdwyn*
*Toe sterre vroegaand begin te skyn?*
*Of moet hy hom moeg op 'n bed uitstrek*
*Na die dag se opwarmingswerk?*

*Kruip hy stadig in die weste in*
*Of hou hy aan val as hy eers begin?*
*Val hy reguit of van stad tot stad?*
*Wie ken werklik die son se pad?*

*Ek dink die son gaan om en om*
*Daar's regtig nou geen keer aan hom*
*Hy kan tog nie 'n kortpad vat nie*
*Want almal weet die aarde is nie plat nie.*

Ons praat

Het die gedig ritme? Tik die ritme met jou voet.
Gebruik die digter rymwoorde? Waar staan hulle in die gedig?
Watter reëls van die gedig rym?

Ons skryf

Waaroor handel die gedig?

Watter vrae stel die digter oor die son? Skryf drie neer.

Skryf vier pare rymwoorde neer wat in die gedig gebruik word.

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |





Datum



# 23 Waarom die maan van vorm verander

## Ons lees

*O! Kyk na die maan*
*Hoe sy blink op haar vlug;*
*Ag, moeder, sy lyk kompleet*
*Soos 'n lamp in die lug.*
*Verlede week was sy kleiner,*
*Sy't so smal soos 'n sekel geraak,*
*Maar sy't aanhou groei*
*En weer 'n sirkel gemaak.*

*E Follen*

## Ons praat

Waaroor handel die gedig?
Waarom noem die digter die maan "sy"?
Wat bedoel die digter as sy sê die maan lyk soos 'n "sekel" en dan weer soos 'n "volsirkel"?
**Watter woorde rym?**
**Skryf hulle neer.**

| | |
|---|---|
| | |
| | |



## Ons doen

Het jy geweet dat die maan nie regtig skyn nie, en dat sy lig nie sy eie is nie? Die maan is soos 'n spieël; hy weerkaats die lig van die son. Die maan verander van vorm, van 'n smal sekel tot 'n ronde O en dan weer terug na 'n sekel! Hierdie veranderinge vind plaas terwyl die maan om die aarde beweeg. Ons noem hierdie veranderinge die fases van die maan. Wat dink jy gebeur regtig?





Nuwe woorde

Ons praat

Praat oor wat in hierdie siklus gebeur.

# Die fases van die maan




Wat gebeur in hierdie diagram? Dit lyk asof die maan deur die loop van die maand van vorm verander. Die diagram toon "die fases van die maan". Die binneste diagram wys hoe die maan om die aarde wentel en die lig van die son weerkaats. Die buitenste diagram verstrek die name van die fases en wys hoe die maan vir ons van die aarde af lyk.

Ons skryf

Jy onthou seker dat ons 'n woord se betekenis kan verander deur 'n voorvoegsel vooraan te las. In die volgende tabel is daar woorde waaraan ons die voorvoegsels on of mis gelas het. Skryf drie sinne waarin jy die woorde gebruik en wys dat jy hul betekenis verstaan.

| | | | |
|---|---|---|---|
| on+bekend | on+verwagte | mis+luk | mis+dra |
| on+aangenaam | on+gewenste | mis+lei | mis+verstaan |
| on+populêr | on+gelukkig | mis+gaan | mis+oes |

Teacher
Sign
Date







# 24 'n Laataandgesprek

Ons skryf

Party van die sinne in die middel beskryf die karakter aan die regterkant, en party beskryf die persoon links. Trek 'n streep van elke sin na die korrekte karakter.




Sy voertuig het 'n flitsende blou lig.
Hy dra 'n netjiese blou uniform.
Sy hare staan in deurmekaar punte orent.
Hy lyk asof hy 'n bad nodig het.
Hy het 'n diep stem.
Hy lyk bang en skuldig.
Hy lyk kwaai.

Beskryf een van die karakters in 'n paragraaf.



Nuwe woorde



## Ons skryf

Skryf nou wat die twee karakters vir mekaar sê. Dit noem 'n mens 'n **dialoog**. 'n Dialoog vertel jou net wat mense sê. Toneelstukke word so geskryf. Wanneer jy jou dialoog geskryf het, kan jy dit vir die klas opvoer.

Polisieman: Wat maak jy so laat in die nag op straat?

Zach: ______________________________

Polisieman: ______________________________

Zach: ______________________________

Polisieman: ______________________________

Zach: ______________________________

Polisieman: ______________________________

Skryf nou twee van jou sinne as direkte rede, tussen aanhalingstekens.

**Voeg hulle saam.** Voegwoorde is woorde wat jy kan gebruik om jou skryfwerk te laat vloei. Wanneer jy 'n punt gebruik, beteken dit die leser moet stop en as jy te veel stoppe het, sal jou skryfwerk nie so lekker vloei nie want jou leser moet te dikwels stop. Jy kan 'n voegwoord gebruik om twee sinne te verbind.

Gebruik sommige van hierdie voegwoorde om die sinne te verbind.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| en | daarom | want | maar | alhoewel |

Die seun was laat in die nag buite. Hy het na die maan gekyk.

Die seun was laat in die nag buite want hy het na die maan gekyk

Die polisieman was bekommerd ______________ het hy die seun huis toe geneem.

Die polisieman het die seun huis toe geneem ____________ dit was baie laat.

Die seun se ma was nie by die huis nie ________ sy pa was aan die slaap.

Die seun was stout ___________ sy broer was stouter.

Die seun het nie 'n trui aangehad nie ____________ dit koud was.

# 25 Ons land is ons erfenis



Ons reis na die ruimte is verby en ons is weer terug op moeder Aarde. Nou is dit tyd om na die wêreld om ons te kyk. Kom ons begin deur na die land te kyk.

## Ons lees

Kinders word uitgenooi om tydens die skoolvakansie 'n kursus by te woon oor "Hoe om jou land te bewaar". Die program is bedoel vir alle graadsesleerders op die platteland. Dit word deur die Departement van Landbou aangebied. Beide seuns en meisies is welkom. Jy kan aansoek doen deur 012-345678 te skakel voor die einde van Maart. Jy sal leer van gronderosie (as grond wegspoel of deur die wind weggewaai word) en die probleme wat dit vir boere veroorsaak. Die grond behoort aan ons almal. Kom vind uit hoe ons ons grond verloor en hoe ons die verlies kan stopsit. Die Departement van Landbou sal vervoer en akkommodasie voorsien.







Willem moes nog altyd die koeie en bokke oppas. Sy gesin is arm want die grootste deel van sy pa se salaris moet vir die oudste kinders se skoolgeld betaal. Sy pa werk in die dorp en sy ma hanteer die boerdery. Maar hulle kry elke jaar minder en minder kos uit die grond, en sy weet nie waarom nie. Al wat sy weet, is dat die grond minder en harder is en dat die gesaaides nie meer wil groei nie.



Willem gaan kuier by Hans, sy maat, wat 5 km van daar af woon, en hy sien die gesaaides op hulle plaas groei mooi. Hulle plant bome en grawe slote om te keer dat die reën die grond wegspoel. Hans se pa weet baie van boerdery en hy probeer die ander boere help.



Willem dink na oor wat hy op Hans-hulle se plaas gesien het. Hy dink ook oor die aankondiging wat hy oor die radio gehoor het. Daardie aand praat hy met sy ma. Hy vertel haar wat hy op Hans se plaas gesien het, en hy vra haar of hy die kursus kan bywoon. Sy sê ja, want sy is baie bekommerd oor hulle plaas en oor die feit dat die goed wat hulle saai, nie goed wil groei nie.





Nuwe woorde

Ons praat

Hoekom dink jy is Willem gretig om meer oor boerderymetodes uit te vind?

Weet jy waarom Willem se ma nie meer goeie oeste kry nie? Gee die redes.

Hoekom dink jy waai grond weg of word dit deur water weggevoer?

Ons skryf

Lees weer die storie en beantwoord dan die vrae.

Hoe vind Willem van die boerderykursus uit?

Waarom wil Willem die kursus bywoon?

Noem drie dinge wat Willem dink hy sal leer.

1

2

3

Ons doen

Kyk weer na die radio-aankondiging.
Maak nou 'n plakkaat om die boerderykursus te adverteer.

Teacher

Sign

Date

## 26 Maats op 'n kursus



Ons lees

**Willem vra vir Hans of hy die kursus dalk saam met Willem wil bywoon. Hulle vind uit dat dit by 'n skool in Polokwane aangebied gaan word. Toe die volgende skoolvakansie aanbreek, spring hulle weg om die kursus te gaan bywoon. Wanneer hulle daar aankom, word al die leerders verwelkom deur mev Msimang, die landboukundige. Die eerste ding wat sy hulle vertel, is dat hulle daar is om te leer hoe om die grond te bewaar.**



Mev Msimang vertel die kinders baie dinge oor grond. Sy sê daar is twee dinge wat ons grond kan steel, naamlik water en wind. Reënwater kan die grond wegspoel. Jy kan sien dat dit gebeur as die rivier naby julle bruin is. Daardie bruin kleur word veroorsaak deur grond wat in die water oplos. Hierdie verlies aan grond word gronderosie genoem. Grond wat teen 'n skuinste lê, sal wegspoel wanneer water by die skuinste afloop. Ná 'n ruk word die grond te hard vir die water om in te sak, met die gevolg dat dit reguit na die rivier spoel en die bogrond saamneem. As die grond reeds geploeg is, is die erosie nog erger. Op die ou end sit ons met geen water vir die gesaaides nie en geen water in die putte nie.

Mev Msimang vertel vir die kinders hoe 'n mens kan sien of erosie begin het. Sy sê jy kan partykeer klein voortjies oor die hele land sien. Miskien is die vore vol gras gegroei en dan sien jy grond wat teen die gras opdam. As daardie grond deur die reën weggespoel word, word die vore dieper. Dan noem ons hulle slote. Volgende jaar maak die reën die slote selfs nog dieper. Uiteindelik word dit diep dongas waarin kinders en diere kan val.

In bosse en woude is daar nie gronderosie nie omdat die bome die grond beskerm. Duisende jare gelede was driekwart van die land deur bome bedek. Maar boere, wat altyd nog grond nodig het om gesaaides te plant, ontbos die veld en haal die gras uit. Vandag is 80% van die bome wat ons vroeër gehad het al uitgeroei deur brande en siektes. Sommige lande het nog groot reënwoude, maar hulle word daagliks verder uitgeroei.

Sy gee vir hulle 'n manifes om te lees. "Dit is wat ons glo. Ons wil hê julle moet dit ook glo."

Hier is die manifes. Lees dit self.



***Kweek nuwe grond***

***Grond is belangrik. Ons het al die landbouprodukte nodig wat boere kan produseer. Ons land se toekoms hang van goeie grond af. Daarom moet ons gronderosie ken en weet hoe om dit stop te sit. Gronderosie is soos 'n dief wat stadigaan ons goeie land steel. Kom ons neem ons goeie grond terug. Niemand behoort honger te ly nie. Volwasse en kinderboere staan saam in hierdie projek. Kom ons keer terug na ons grootouers se erfenis. Laat kinders veg vir die land wat eendag aan hulle sal behoort.***



Nuwe woorde




Kyk na die manifes en praat dan oor die landstreek waarin jy woon. Woon jy in 'n gebied waar daar gronderosie is? Indien jy ja daarop antwoord, stem jy saam met die manifes? Woon jy in 'n stad of dorp soos Willem se pa en sy oudste seuns? Indien wel, hoe voel jy oor die manifes?




Wat is n manifes? Waaroor handel mev Msimang se manifes?

Wat sou jy by 'n manifes insluit? Skryf dit hier neer.

Wat is gronderosie?

Wat vernietig ons bome?

Skryf vier goed neer wat Hans en Willem op hul kursus geleer het. Som dit op in die ruimte hieronder.

1

2

3

4



Datum



# 27 Gedagtes oor die grond



## Ons lees

Mev Msimang het vir Willem, Hans en die ander kinders geleer dat daar twee hoofsoorte grond is: bogrond en ondergrond.

(1) Bogrond is die grond waarin plante die beste groei. Bogrond is baie ryk aan minerale en ander voedingstowwe (dinge wat plante die kos gee wat hulle nodig het om goed te groei). Dit is moeilik om bogrond te vervang wanneer dit weggespoel het. 2) Ondergrond is die grond onder die bogrond. Dit is ligter van kleur as bogrond en daar is gewoonlik klei of sand daarin. Ondergrond is baie harder as bogrond. Willem se ma vind dit moeilik om goeie oeste uit hierdie harde grond te haal.




As ons wil hê die plante moet groei, moet ons verhoed dat die reën die bogrond wegspoel. Ons kan dit doen deur bome te plant en nie te veel vee op ons plase aan te hou nie.



Vroeër jare het mense, as die land moeg geword het, die bos toegelaat om dit weer in te neem en dan is die grond herstel. Maar omdat daar deesdae soveel mense is, moet ons baie meer grond heeltyd gebruik. Ons moet oeste uit die aarde haal sodat die mense genoeg kan eet. Maar as ons nuwe lande ontbos, moet ons seker maak dat ons daar gesaaides saai wat die bogrond sal behou. As ons sorghum, patats, grondbone en boontjies kweek, sal die plante die grond vashou wanneer dit reën.



Boere moet ook bome plant, nie net gesaaides nie. Goeie boere plant gras om die bome se wortels te beskerm terwyl hulle groei. Hulle vee nie al die blare op wat van die bome afval nie, want blare beskerm die bogrond en word kos vir die grond wanneer hulle droog word.

As jou grond teen 'n skuinste lê, moet jy harder werk om seker te maak dat jy nie jou bogrond verloor nie. Jy moet kontoerwalle maak. In plaas daarvan om dit te verbrand, kan jy mielie- of sorghumstoppels gebruik om walle te gooi. As jou grond baie klipperig is, kan jy die klippe gebruik om walle of riwwe te pak.



Nuwe woorde



**Ons praat**

Waar behoort jy die walle te maak om te keer dat die reën die bogrond wegspoel? Bespreek dit in julle groepe. Kyk na die prentjie om te verstaan waarom dit belangrik is dat die kontoere om die rantjie moet loop om te keer dat die reënwater wegloop.



**Ons skryf**

Trek die sinne dood wat nie saamstem met die eerste onderwerpsin nie.





Willem se ma kan nie goeie oeste op haar grond kry nie.
Willem se ma het 'n nuwe rok gekoop.
Sy het probeer om plante in die harde ondergrond te laat groei.
Willem wou by sy maat gaan kuier.
Bogrond is die belangrikste grondlaag.
Bogrond bevat water, minerale en baie voedingstowwe wat plante help groei.
Skryf nou 'n paragraaf met die ander sinne. Voeg 1 of 2 van jou eie sinne ook by.

Onderstreep die korrekte vorm van die woord.

Sy sal/het mielies en tamaties gekweek.
Hy wil/het die walle vir die plantery grawe.
Hulle gaan/het kompos by die plante gegooi.
Hy moet/het komposhope gemaak om sy mielies te bemes.
Hy was/het gegaan om van grond te leer.

Kry die gogga en trek 'n streep na sy naam.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R | A | D | D | E | R | G | R |
| B | L | G | T | H | A | A | S |
| A | K | K | E | D | I | S | R |
| M | C | L | D | R | E | R | O |
| O | H | A | M | B | E | O | T |
| L | P | B | E | S | I | E | S |
| T | E | R | M | I | E | T | E |
| S | S | L | A | K | E | N | Y |

rot
besies
adder
akkedis
slak
ter-
miete
haas
padda
mol

Teacher
Sign:
Date:



Datum



## 28 Fokus op taal



Ons lees

Kan jy onthou wat homofone is? Noem vir jou maat 'n voorbeeld.
Waarom is dit belangrik om die verskil tussen twee homofone te ken?

Verbeel jou jy kry 'n brief van 'n maat oor padwerk in haar straat.
Sy skryf: "Hulle maak op die oomblik die straat voor ons huis weier."



Ons skryf

Help jou maat om die regte woord te skryf.
Die volgende is 'n klompie voorbeelde van homofone. Skryf sinne waarin jy hierdie homofone gebruik. Jou sinne moet wys dat jy die betekenis van die woorde ken.

| |
|---|
| brei |
| bry |
| fee |
| vee |
| gewy |
| gewei |
| ent |
| end |
| bot |
| bod |

**Onderstreep nou die werkwoord of aksiewoord in hierdie sinne.**
Jy moet voor die einde van Maart aansoek doen om die kursus by te woon.
Die reën het die grond weggespoel.
Ons sal vir jou vervoer voorsien.




Ons skryf

**Nog soorte bywoorde**

Wanneer ons iets meer wil sê van 'n aksie, kan ons 'n **bywoordelike bepaling** gebruik. Hierdie soort bepalings vertel ons meer oor wanneer (**tyd**) of waar (**plek**) of hoe (**wyse**) die aksie uitgevoer is. Kyk na hierdie sinne.

Jy kan die kursus in die herfsvakansie volg.
Dit sal in 'n plattelandse gebied plaasvind.
Die grond word vinnig weggespoel.

Skryf die bywoordelike bepalings onder die korrekte opskrif in die tabel.

| Tyd | Plek | Wyse |
|---|---|---|
| | | |

'n Bywoordelike bepaling kan 'n **woord** of 'n **frase** ('n groep woorde) wees.

Onderstreep in die sinne hieronder die bywoord of bywoordelike frase en skryf "tyd", "plek" of "wyse" langsaan.

| | |
|---|---|
| 1. Doen binnekort aansoek om toelating. | *Tyd* |
| 2. Jy kan telefonies aansoek doen as lid van die projek. | |
| 3. Jy sal nou na jou gemeenskap teruggaan. | |
| 4. Willem se taak by die huis was om die koeie en bokke op te pas. | |
| 5. Wanneer die grond hard is, sal die gesaaides nie groei nie. | |
| 6. Sodra die grond herstel het, sal die plante welig groei. | |
| 7. Die gesaaides op hulle plaas groei mooi. | |
| 8. Nou probeer hy om ander boere te help | |
| 9. Hy het die advertensie oor die radio gehoor. | |



Datum



# 29 Kom ons plant bome

- Luister jy partykeer na radioprogramme?
- Hoor jy partykeer onderhoude wat met mense gevoer word oor die radio?
- Weet jy van kinders wat op skoolkampe gaan om van die natuur te leer?



## Ons lees



**Lees die volgende.**
Dit is 'n radio-onderhoud. Dit is hier soos 'n dialoog geskryf, waarin daar nie beskryf word wat die mense doen nie. Dit vertel net wat hulle sê.

### Radio-onderhoud

**Aankondiger:** *Vanoggend se onderhoud is met Hans en Willem, wat onlangs 'n kursus oor die voorkoming van gronderosie bygewoon het. 'n Omroeper voer die onderhoud.*

**Omroeper:** Goeiemôre, seuns. Vertel ons 'n bietjie, wat het julle die meeste geniet?

**Hans:** Dit was vir ons heerlik om saam weg te gaan en nie ons huistakies te hoef te doen nie. (Hulle lag.)

**Willem:** Ek het baie dinge geleer wat ek ook op Hans se plaas gesien het.

**Omroeper:** Watter dinge was dit?

**Willem:** Wel, dit is baie belangrik om jou bogrond te behou, want dit is waarin plante die beste groei.

**Omroeper:** En hoe bewaar ons ons bogrond?

**Hans:** Teen 'n skuinste moet 'n mens walle teen die hang gooi. Dit verhoed dat reënwater die bogrond wegspoel. Bome en gras hou ook die bogrond vas wanneer dit reën.

**Omroeper:** Ek hoor julle gaan binnekort 'n tweede natuurkamp bywoon. Waaroor handel dit nogal?

**Willem:** Dit handel oor die plant van bome as hulpmiddel op die plaas. Die kursus is in ons skoolvakansie. Hierdie keer is dit naby Tzaneen. Ons gaan per bus soontoe.

**Omroeper:** Nou ja, luisteraars, ons het hier twee jong seuns wat belangrike dinge leer oor grond en boerdery. Ons wens hulle alles van die beste toe!



Nuwe woorde

# Die Bosbouprojek



Gedurende die daaropvolgende skoolvakansie onderneem die seuns 'n busrit deur die woude en deur die gebiede waar al die bome afgekap is. Na 'n ruk stop die bus by die bosbouprojek en die kinders klim uit.

Op die eerste dag neem die landboukundige by die projek, dr Mothiba, die kinders op 'n wandeling van omtrent een kilometer na die boomkwekery. Hulle is bo-op die berg. Daar is dongas wat tot onder in die vallei loop. Die kante van die dongas is kaal, daar groei geen plante nie. "Dit is wat gebeur as 'n mens bome afkap. Die mense kap hierdie bome af om te gebruik vir houtskool en vuurmaakhout," sê dr Mothiba.

"Hoe lank duur dit voordat die reën dongas maak?" vra Hans.

"Kan julle onthou of julle bruin water in die riviere gesien het toe julle hiernatoe gery het?" vra dr Mothiba. "Wel, dit is watererosie. Dit duur net drie jaar voordat die reën daardie dongas vorm. Gronderosie teen berghange is 'n baie groot probleem."

Dr Mothiba vertel vir almal dat hy hulle die volgende dag gaan wys hoe die bosbouprojek nuwe bome plant om die afgekapte bome te vervang.

"Ontbossing, of die verwydering van bome, affekteer die natuur," vertel hy hulle. "Voëls maak graag in hierdie koorsboom nes omdat die dorings ekstra beskerming bied teen roofdiere soos slange. Die jong takke en blare word deur olifante geëet en die blare en peule is kos vir kameelperde en blouape. Apies en kwêvoëls eet ook die bloeisels. Verder eet bobbejane die gom en groen sade. Insekte, soos bye, word deur die geel kleur en die soet geur van die bloeisels gelok en doen die bestuiwing.

Ek hoop julle verstaan nou hoe belangrik dit is dat almal bome moet plant."





## Ons praat

**Bespreek hierdie vrae in jul groepe.**

- Waarom dink jy het die omroeper op die radio 'n onderhoud met die seuns gevoer?
- Watter radioprogramme voer onderhoude met kinders? Noem 'n paar.
- Hoe lank duur dit voordat die reën dongas vorm nadat bome afgekap is?
- Beskryf hoe dongas gevorm word.
- Waarom kap mense bome af?



Teacher

Sign

Date

Datum

## 30 'n Besoek aan die kwekery en die bos

**Ons lees**

Op die tweede dag gaan die kinders almal na die kwekery kyk waar mense bome kweek om die afgekapte bome te vervang. Hulle sien duisende jong boompies. Die mense wat in die kwekery werk, woon in die omgewing. Hulle weet hulle gaan geld by die kwekery verdien en hulle gaan gesaaides naby die bome kan plant.
In die kwekery het al die saailinge etikette. Op die etikette verskyn die streeksnaam van die saailinge, die Engelse naam, die wetenskaplike naam en die datum waarop hulle geplant is. Ons gaan later in die week meer van die acacia-koorsboom leer. Hierdie boom het vele name: fever tree (Engels), mooka-kwena (Noord-Sotho), umHlosinga (isiZulu), nkelenga (isiTsonga) en munzhelenga (Tshivenda). Die mense van die Groot Trek het gedink hierdie boom het koors veroorsaak, maar dit was inderdaad muskiete wat hulle gesteek en vir hulle malaria gegee het. Omdat die vroeë trekkers gedink het die koors kom van die bome, het hulle hulle "koorsbome" genoem. Eintlik is koorsbome goed vir die behandeling van koors en het hulle ook ander belangrike gebruike in die natuur.
Die bosbouprojek se kwekery is belangrik omdat dit bome kweek wat afgekapte bome gaan vervang. Ons weet dat bome gebruik word as brandhout en om houtskool te maak. Ons kry ook vrugte van bome, en van baie bome word verskillende soorte medisyne gemaak. Nie net tradisionele geneeshere gebruik plante en bome om medisyne te maak nie. Omtrent 40% van die medisynes wat ons by apteke koop, kom van bome. Bome word ook gebruik om papier te maak en daarom moet ons sorg dat ons papier verstandig gebruik en dit nie mors nie. Iets wat ons kan doen om te help, is om ou papier of gebruikte stukke karton te versamel sodat dit hergebruik (herwin) kan word.

**Ons praat**

Wat kan ons nog herwin?
Wat kan jy doen met groenteblare wat jy nie kan eet nie?
Hoe kan 'n boer mielie- en sorghumstoppels hergebruik?



**Ons lees**

### Die terrasse van die bosbouprojek

Op die derde dag van die kursus gaan die kinders uit om na die werk op die terrasse te kyk. Mense is hard besig om saailinge te plant. Dr Mothiba verduidelik dat hulle op 'n nuwe terras eers die dongas opvul met grond wat van ander dele van die berghang aangedra word. Die werkers grawe gate vir die bome en vul dit op met goeie, swart grond uit die bos. Die gate word 'n paar dae lank natgegooi. Die werkers plant gras om die grond vas te hou sodat die bome teen hul eie pas kan groei. In die tweede jaar word die gras uitgetrek en dan mag die mense daar saai.

Daarna neem dr Mothiba die kinders na 'n natuurlike woud. Hy vertel vir hulle dat wanneer dooie blare onder 'n boom versamel, hulle 'n laag vorm wat "blaarafval" genoem word. Hulle lig die blaarafval baie versigtig op en kyk na die goggatjies daaronder wat help om die blare en klein takkies wat van die bome afval, te laat verrot. Dr Mothiba wys vir hulle die kleinvolk wat onder blare en stompe woon: miere en slakke en wurms, paddas, skerpioene en kewers. "Die fungusse en bakterieë onder die blaremat het almal 'n spesiale werk," sê dr Mothiba, "want hulle laat die stomp verrot, en die verrotting verander die stomp uiteindelik in grond. Kan julle sien watter groot werk dit is om grond te maak? Dit is waarom ons moet probeer om die grond te bewaar."



Nuwe woorde



## Ons Praat



Beantwoord hierdie vrae.
Watter plekke het dr Mothiba die kinders gaan wys?
Wat wys hy vir hulle by elke plek?

| Plekke | Wat wys hy vir hulle? |
|---|---|
| Eerste plek | |
| Tweede plek | |



Hoe het die koorsboom sy naam gekry?



Waarvoor word die boom alles in die natuur gebruik?

Watter inligting word op die etikette van die bome in die kwekery aangebring?

Waarom is dit belangrik om mense uit die omgewing in die kwekerye te laat werk?

Waarom is dit belangrik dat hulle nog bome kweek?

Verduidelik die stappe wat gevolg word om een nuwe boompie op 'n terras te plant.

Wat laat bome verrot en weer grond word?

Datum

# 31 Die denneboom

Lees die gedig en beantwoord dan die vrae.

Ons lees



## Die dennebome

*Hoor die gerommel*
*Ag, hoor die geraas*
*Die groot bome kantel,*
*Die sterk takke kraak.*

*Mans met sae kom die grootse denne kap*
*Wat vir oulaas soos soldate in hul rye stap*
*Sewentig jaar verg dit om so hoog te groei*
*Maar net tien minute*
*Om hul totaal uit te roei.*
*En vry, sonder kommer, soos voëls in vlug*
*Trek dennebolle deur die helderblou lug.*

Margaret Mahy

Ons skryf

**Lees die gedig weer en beantwoord dan die vrae.**

Noem twee redes waarom die digter die bome "groots" noem. Soek die woord in 'n woordeboek op indien jy dit nie ken nie.

1

2

Waarom kraak en breek die bome wanneer hulle val?

Waarom vergelyk die digter die rye bome met soldate?

Hoe laat dit jou voel wanneer die digter sê die bome verg 70 jaar om so hoog te word, maar kan binne tien minute afgekap word?

Nuwe woorde



**Ons doen**

In 2010 is die acacia-koorsboom gekies as die boom wat mense tydens Boomplantweek aan die begin van September behoort te plant. Hierdie boom is 'n goeie keuse vir herbebossing, met ander woorde die aanplant van bome waar ander bome afgekap is. Maak 'n plakkaat om die kweek van bome aan te moedig. Jou plakkaat moet 'n tekening hê en moet 'n paar redes noem waarom mense bome moet plant. *Gebruik inligting wat jy hierdie week geleer het.*

Teacher

Sign

Date

# 32 Taaloefeninge

Ons skryf

**Verander die volgende sinne in indirekte rede.**

"Meneer, hoe lank duur dit voordat die reën hierdie dongas vorm?" het Hans gevra.

"Dit duur net drie jaar," het dr Muthivhi geantwoord. "Die water spoel grond weg waarop daar nie meer plantbedekking is nie," het hy bygevoeg.

Ons skryf

Voorsien die volgende sinne van punktuasie. Jy sal hoofletters, kommas, punte, kappies, aanhalingstekens, en dies meer moet invul. Voeg die punktuasie hier in die teks, in hierdie boek in.

is dit waar dat julle besig was om die bome af te kap maar nie besef het dat julle skade aanrig nie het willem gevra dit is waar van die tyd voor die bosbouprojek begin het het mnr masia gese noudat ons hier in diens geneem is beskou ons die bos as ons eiendom het hy geglimlag sjoe het die leerders uitgeroep dit is regtig fantasties

**Nommer hierdie sinne sodat hulle in die regte volgorde sal wees.**

- Gooi dan die gat 'n paar dae lank nat voor jy die boompie plant.
- Grawe eers 'n gat wat groter is as die boompie en twee keer so diep.
- Plant uiteindelik jou boompie en plant gras om die grond vas te hou.
- Vul dan die onderste derde van die gat op met kompos of ryk, swart grond.

**Verbeel jou jy is saam met Hans en Willem by die kamp.**

Skryf 'n brief aan jou gesin of 'n maat. Vertel hulle dat jy die kamp intens geniet. Vertel hulle ook van party van die interessante dinge wat jy geleer het.

Ons skryf

Nuwe woorde

Liewe

# 3







Datum

# 33 Sokker, sokker net waar jy jou draai





Ons praat

*Na watter soort sport kyk jy graag?*
*Wie is jou gunstelingsportman of -sportvrou?*
*Wat dink jy is nodig om 'n sportkampioen te word?*
*Wie is Suid-Afrika se sterre in sokker, atletiek, swem en ander sportsoorte?*







Ons lees

In 2010 was Suid-Afrika die gasheer vir die FIFA-Wêreldbekersokkertoernooi. Duisende toeskouers het die tien stadions besoek om die wedstryde te sien. Sokkerspanne van oor die hele wêreld het hiernatoe gekom om in die Wêreldbeker mee te ding

**Wat weet jy van die 2010-Wêreldbekertoernooi?**
**Lees die inligting in die onderstaande tabelle en beantwoord dan die vrae hieronder.**

Tabel 1: 2010 Wêreldbekersokkerstadions

| Stad | Stadion | Aantal sitplekke vir toeskouers |
|---|---|---|
| Kaapstad | Groenpunt | 40 000 |
| Bloemfontein | Vrystaat | 70 000 |
| Durban | Moses Mabhida | 60 000 |
| Johannesburg | Ellispark | 95 000 |
| Johannesburg | Soccer City | 40 000 |
| Nelspruit | Mbombela | 40 000 |
| Polokwane | Peter Mokaba | 40 000 |
| Rustenburg | Koninklike Bafokeng | 45 000 |
| Pretoria | Loftus Versveld | 45 000 |
| Port Elizabeth | Nelson Mandela-baai | 50 000 |





Nuwe woorde

| Tabel 2: Resultate van die 2010-FIFA-Wêreldbekersokkertoernooi | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Kwarteindrondte** | | | | |
| Datum | Stadion | Land 1 | Land 2 | Telling |
| 02 Julie 2010 | Nelson Mandela-baai/ Port Elizabeth | Nederland | Brasilië | 2:1 |
| 02 Julie 2010 | Johannesburg | Uruguay | Ghana | 1:1 |
| 03 Julie 2010 | Kaapstad | Argentinië | Duitsland | 0:4 |
| 03 Julie 2010 | Johannesburg | Paraguay | Spanje | 0:1 |
| **Halfeindrondte** | | | | |
| 06 Julie 2010 | Kaapstad | Uruguay | Nederland | 2:3 |
| 07 Julie 2010 | Durban | Duitsland | Spanje | 0:1 |
| **Finaal** | | | | |
| 11 Julie 2010 | Johannesburg Soccer City | Nederland | Spanje | 0:1 |





Ons skryf

**Gebruik die inligting in tabel 1 en 2 om die volgende vrae te beantwoord. Skryf jou antwoorde in die ruimtes wat voorsien is.**

| | |
|---|---|
| Watter stadion is die grootste? | |
| Vir hoeveel toeskouers is dit bedoel? | |
| Wanneer is die laaste wedstryd gespeel? | |
| Waar is dit gespeel? In watter stad en by watter stadion? | |

Watter lande het in die kwarteindrondte gespeel?

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |



| | |
|---|---|
| Wanneer het Ghana gespeel? | |
| Teen watter land het Ghana gespeel? | |
| Wat was die telling toe Ghana gespeel het? | |
| Waar het Ghana gespeel? | |
| Watter span het die finaal gewen? | |
| Wat was die telling? | |

Watter span het jy ondersteun? Waarom?

Teacher

Sign:

Date:

# 34 Onderhoud met 'n sokkerster



Watter Suid-Afrikaanse sportsterre dink jy blink regtig uit in hulle sport?
Waarom dink jy hulle is so goed?
Wat het hulle suksesvol gemaak?



Kom ons vra 'n baie suksesvolle sokkerster uit oor haar lewe.

## Noko Alice Matlou

Wanneer mense oor sokker praat, is die sterre wat hulle noem gewoonlik mans. Maar een van Suid-Afrika se beste voetbalspelers is 'n vrou: Noko Alice Matlou. Matlou is in 2009 deur die Konfederasie van Afrika-voetbal aangewys as die Afrika-kampioenspeler van die jaar. Sy was die eerste Suid-Afrikaner wat nog ooit hierdie toekenning ontvang het.

**Lees hierdie onderhoud met Matlou om meer omtrent haar uit te vind.**

**Waar is jy gebore en waar woon jy nou?**

*Ek is in Molegie, Gaphaudi in Limpopo gebore. Dit is waar ek nog steeds woon.*

**Wanneer het jy die eerste keer in sport geïnteresseerd geraak?**

*Ek het op laerskool begin sokker speel. Ek het toe alreeds sport geniet en ek het goed presteer in atletiek en sokker. Ek het ook gehardloop en was baie vinnig, veral in die 100 en 200 meter. Toe ek op skool was, was ek 'n kortafstandatleet en ek het 'n paar rekords opgestel. Daarna het ek in 2000 professioneel voetbal gespeel vir die Brasiliaanse Vroueklub. In 2007 het ek vir Banyana Banyana begin speel.*

**Hoe bly jy fiks?**

*Ek gaan twee keer per dag gimnasium toe. Ek staan soggens op en gaan draf 'n halfuur lank. Van 15:00 af oefen ek drie uur lank. Dan oefen ek my balvaardighede*

**Watter raad kan jy vir ander jongmense gee?**

*Oefen hard, dan kom die spel sommer maklik.*





Ons skryf

**Lees die artikel oor Matlou asook die onderhoud, en beantwoord dan die volgende vrae.**

Watter prestasies het Matlou behaal?

Hoe dikwels oefen sy?

Hoe het haar voetballoopbaan begin?



Ons doen

**Laat jou maat hom of haar verbeel hy of sy is 'n sokkerster. Voer dan 'n onderhoud met jou maat oor sy of haar prestasies.**

Ons skryf

**Kies nou iemand in jou skool of gemeenskap wat volgens jou talentvol is. Vra die persoon of jy 'n onderhoud met hom of haar mag doen. Kry tydens die onderhoud antwoorde op die vrae hieronder.**

Hoe was die persoon se kinderdae? Wat het die persoon laat deelneem aan die aktiwiteit waarin hy of sy sukses behaal het?

Waarom dink jy die persoon is suksesvol? Wat is die persoon se prestasies?

Watter boodskap het die persoon vir ander jongmense in Suid-Afrika?

Datum

# 35 So slaag 'n mens



## Ons skryf

**Voeg aanhalingstekens by hierdie sinne. Onthou om hulle te gebruik om te wys na die direkte rede.**

| |
|---|
| Noko! het die afrigter geroep. Oefen jy hard vir die Internasionale Liga? het hy gevra. Ek hoop so. |
| Ja, het Noko gesê. Ek oefen elke dag byna vier uur lank. |
| Die afrigter het geglimlag. Hou so aan! het hy gesê. Dis wat ek graag wil hoor. |

**Kyk na hierdie sinne. Onderstreep die werkwoord of doenwoord in elke sin. Omkring dan die bywoord wat vir jou sê hoe, waar of wanneer die aksie plaasgevind het.**

| |
|---|
| Matlou het hard geoefen en die trofee gewen. |
| Die atlete het senuweeagtig gewag dat die wedloop moet begin. |
| Die afrigter het streng met die span gepraat. |
| Die span het noulettend na die afrigter geluister. |

**Voltooi hierdie sinne. Gebruik omdat en as gevolg van.**

| |
|---|
| Banyana Banyana het die toernooi gewen as gevolg van |
| Sy het 'n sokkerster geword omdat |
| Sy het 'n trofee ontvang omdat sy |
| Haar maats het haar gelukgewens omdat |

Nuwe woorde



Lees hierdie gediggie oor 'n "voetbalster".

## Ons lees

Moenie 'n honderdpoot vra nie

Moenie 'n honderdpoot vra
Om teen jou sokker te speel nie
Weet jy dan nie hy dra
50 paar sokkerstewels nie?

Daardie 50 paar stewels
Kan met 50 balle toor
Hy dribbel hulle almal net toe
– Hy sal nie sommer verloor.

En sou jy dié kwaai kompeterende ou
Tog eendag persoonlik ontmoet,
Sal jy eers die honderd bene sien
– En dan kan jy maar groet!

Ivan Nesbitt



## Ons Praat

**Stem jy saam dis 'n snaakse gediggie dié? Hoekom? Onderstreep die woorde wat in reël 2 en 4, 6 en 8 en 10 en 12 rym. Waarom sê die digter die honderdpoot is 'n kwaai kompeterende ou?**

## Ons skryf

**Wanneer ons 'n SMS stuur, skryf ons ons woorde so kort moontlik. Dit is soos 'n ander taal. Kyk of jy kan uitwerk wat die volgende SMS'e beteken.**




| | |
|---|---|
| kyk my bdsk id psbs | |
| is jy ok? | |
| kom spl @ my 4 nm | |
| ek kom 4:30 nm vir T | |
| sien ltr lekr zzzz | |

| |
|---|
| Skryf nou 'n SMS wat jy sou kon stuur om Matlou met haar prestasie geluk te wens. |
| |

Teacher
Sign:
Date:

## Ons doen

**Teken 'n prentjie om hierdie drie sinne te illustreer. Teken dit op 'n los vel papier.** Matlou skop die bal na die net toe met haar linkervoet. Met haar regterarm in die lug gee sy die teken dat dit in is, maar die opponente se doelwagter keer die bal.

Datum

# 36 Kommentaar by 'n wedstryd



## Ons skryf

**Begin elkeen van hierdie sinne met alhoewel en las dan die dele aan mekaar om sinvolle sinne te maak. Ons het vir jou die woordorde reggeskommel.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Alhoewel | Anna hard leer | | wen hy nie altyd sy wedloop nie. |
| | die atleet hard oefen | | praat ek dit nog nie goed nie. |
| | die boer hard gewerk het, | | kry sy partykeer slegte punte. |
| | ek van die Engelsklasse hou | | het haar saailinge nie mooi gegroei nie. |

**Pas nou die sinsdele by mekaar en verbind hulle met maar of alhoewel. Hier moet jy self oor die woordorde besluit.**

| | | |
|---|---|---|
| Die atleet het net aanhou hardloop | alhoewel | hy het 'n kaart gehad. |
| Hy het verdwaal | | sy het haar knie beseer. |
| Hulle was arm | maar | sy kon by haar maat kyk. |
| Sy het haar boek by die huis vergeet | | hulle het genoeg gehad om te eet. |

**Verbind nou die pare sinne met alhoewel of maar.**

| | | |
|---|---|---|
| Daar was net 'n bietjie reën. | | Die groente het mooi gegroei. |
| Die juffrou was gaaf. | | Sy was streng. |
| Ek wil 'n fiets koop. | | Ek het nie veel geld nie. |
| Ons wil aan 'n skooltoer deelneem. | | Ons het nie genoeg geld nie. |

Nuwe woorde

## Ons skryf

**Skryf aan ŉ maat ŉ brief en beskryf ŉ sportwedstryd waarna jy gaan kyk het. Wat was die sport? Wanneer was die wedstryd? Beskryf die wedstryd. Maak dit so interessant moontlik.**

Skryf jou adres hier.

Skryf die datum hier.

Liewe

Skryf jou afsluiting hier.

Skryf jou naam hier.

Adresseer nou die koevert aan jou maat.




Naam

Adres

Kode






# 37 Buite in die koue





Ons praat

- In hierdie week se werksvelle kyk ons na die koudste plek op aarde.
- Wat is die koudste temperatuur wat jy al ooit ervaar het?
- Hoe bly jy warm wanneer dit baie koud is?





Ons lees



## 'n Lofgedig vir die pikkewyn

Hierdie vreemde voëls in hul deftige klere waggel soos bere;
maar wanneer hulle die ysige see bereik.
Sien jy hoe vinnig hulle duik!
Hulle lied klink soos 'n donkie se balk, hulle kan nie sweef of vlieg nie,
en tog kom hulle baie goed oor die weg – het jy nog nie gesien nie?
Hul vere hou die water uit, hul vet hou hulle kras;
hul vlerke maak perfekte spane – kyk maar gerus!
Hul sterte hou hulle op die regte pad, hulle rem met albei voete,
So bly hulle sonder moeite op die regte roete.

Aangepas – Robin Bernard

Die Guardian-koerant 16 Junie 2013

## Koue en reën dood 600 pikkewyne in Suid-Afrika

Omtrent 600 Afrika-pikkewyne is dood in ʼn skielike koue vlaag op ʼn Suid-Afrikaanse eiland. Die voëls het gesterf in koue en nat weer wat die afgelope twee dae Algoabaai in die Oos-Kaap getref het, berig die Suid-Afrikaanse Nasionale Parke vandag.
ʼn Woordvoerder vir die Suid-Afrikaanse Nasionale Parke het gesê: "Dit is altyd koud in Junie, maar hierdie jaar het ons koue en reën gehad. Dit het windverkoeling veroorsaak wat ʼn dodelike uitwerking op die pikkewyne van **Bird Eiland** gehad het."
Die woordvoerder het gesê die kuikens was net ʼn paar weke oud en nog klein en swak. "Hulle het nie vere nie," het sy verduidelik. "Hulle het net sagte donsvere, en in die koue weer is omtrent seshonderd pikkewyne dood."
Die Afrika-pikkewyn is ʼn bedreigde spesie omdat die populasie afneem.

Die digter gebruik spesiale woorde om pikkewyne te beskryf.

- Hy sê die pikkewyne se vere is "deftige klere". Ons noem hierdie soort vergelyking ʼn **metafoor**.
- Later sê hy die pikkewyne se roep klink "soos" ʼn donkie. Dis ʼn **vergelyking**.

**Maak ʼn paar vergelykings op.**

Sy hardloop soos ______________________

Hy slaap soos ______________________

Sy sing soos ______________________



**HET JY GEWEET?** Internasionale Pikkewyndag is op 26 September. Dit is tot 'n spesiale dag verklaar deur 'n Suid-Afrikaanse groep wat baie vir pikkewyne omgee.

**Skryf langs elkeen van hierdie woorde nog 'n woord wat dieselfde klink.**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| oseaan | | donkie | | babbel | |

**Lees die gedig en bespreek dan die vrae hieronder.**



- Soos watter soort klere lyk die pikkewyne se klere?
- Soos wat klink die geluide wat hulle maak? Maak daardie soort geluid na.
- Die digter sê pikkewyne "waggel" wanneer hulle loop. Wat beteken dit?



- Dink jy die digter hou van pikkewyne? Waarom?
- Dink jy pikkewyne kan in koue toestande oorleef?
- Hoe bly pikkewyne warm?
- Waarom is hierdie spotprent snaaks?

## Ons skryf

**Lees nou die koerantartikel en beantwoord hierdie vrae.**

Wat het die pikkewyne laat doodgaan?

In watter seisoen is hulle dood?

Wat hou pikkewyne warm? Wat hou pikkewyne droog? (Kyk na die gedig.)

Wat is die verskil tussen pikkewynkuikens en volwasse pikkewyne?

Hoe oud was die kuikens?

Waarom was die reën en koue so dodelik vir die pikkewyne?

Waarom is pikkewyne 'n "bedreigde spesie"?

Teacher
Sign:
Date:

Datum



# 38 Die koudste plek op aarde



**Ons lees**

Twee dele van die aarde is die hele jaar lank baie koud. Hierdie plekke is aan die "bokant" en "onderkant" van die aardbol. Ons noem hierdie streke die Noordpool en die Suidpool. Die land rondom die Suidpool word Antarktika genoem. Dit is die koudste plek op die aarde. Die hele Antarktika is met ys bedek.



As jy na 'n aardbol kyk, sal jy sien waar Antarktika is. Dit is heeltemal onderaan die aardbol. Dit beslaan een tiende van die aarde se oppervlak en is bedek met 'n yskombers wat tussen 1 500 en 1 600 meter dik is. Die Suidpool is presies in die middel van Antarktika. Dit is die koudste en winderigste deel. Baie min mense woon 'n hele jaar lank daar. Wetenskaplikes bly vir korter periodes en woon in spesiale geboue.

In Antarktika is dit tussen Oktober en Maart somer. In hierdie tydperk word dit nooit donker nie. In die winter, wat van April tot September duur, gebeur die teenoorgestelde. Dit is ses maande lank donker. Ons kan ons nie voorstel hoe koud dit in Antarktika is, selfs in die somer nie. Die gemiddelde temperatuur vir Januarie, in die middel van die somer, is minus 28 grade Celsius. (Ons skryf dit soos volg: -28 °C.) Vriespunt is 0 °C, dus is dit 28 °C kouer as vriespunt!

Suid-Afrika het 'n span wetenskaplikes wat dwarsdeur die jaar in 'n navorsingstasie in Antarktika woon. In die winter daal die gemiddelde temperatuur tot -89 °C. Die wetenskaplikes moet in 'n gebou woon wat spesiaal ontwerp is om hulle in daardie lae temperature warm te hou. Binne-in die gebou het hulle 'n spesiale kombuis, slaapkamers, 'n sitkamer en 'n dokterspreekkamer, ingeval iemand siek word.

ANTARKTIKA



Nuwe woorde

## Pikkewyne in Antarktika

Pikkewyne is die voëlsoort waarvan daar in Antarktika die meeste is. Hulle kan nie vlieg nie, maar hulle gebruik hulle kort vlerke as swemspane. Hulle is uitstekende swemmers. Op land waggel hulle regop of gee hulle kort sprongetjies. Pikkewyne het 'n dik laag vet om hul lywe, en hulle het baie vere wat die koue lug, die wind en water uithou. Vir ekstra hitte sit die pikkewyne in groepies teen mekaar.

(Aangepas uit PIRLS (Sample Passages, Questions and Scoring Guides) Antarctica: Land of Ice)



Ons praat

- **Waaroor handel die artikel?**
- **Waaroor wil die skrywer ons meer vertel?**
- **Waarom dink jy is die Noord- en Suidpool so koud?**
- **Gaan lees weer die skrywer se beskrywing van die pikkewyne. Beskryf hy die pikkewyne net soos hulle in die gedig en koerantartikel beskryf word? Wat is dieselfde? Wat is verskillend?**




Ons skryf

**Beantwoord nou hierdie vrae op grond van wat jy gelees het.**

Waar kan jy Antarktika op die aardbol kry?

Wat is die koudste deel van Antarktika?

Dink oor wat die artikel van Antarktika sê. Gee nou twee redes waarom mense nie graag tussen April en September soontoe gaan nie.



Skryf drie dinge neer wat pikkewyne in Antarktika help om warm te bly.

1

2

3

# 39 Suid-Afrikaners in Antarktika

Ons praat

**Het jy geweet dat daar 'n aantal Suid-Afrikaners is wat in Antarktika woon en werk?**
**Sou jy op 'n plek wou bly wat so verskillend is van die res van die wêreld?**

Ons lees

## Die Suid-Afrikaanse span in Antarktika

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Antarktikaprogram (SANAP) doen wetenskaplike navorsing en pas die Suid-Afrikaanse basis in Antarktika dwarsdeur die jaar op. In Desember van elke jaar arriveer 'n span in Antarktika en bly 'n volle jaar daar. Deur die donker en baie koue winter bly die groepie daar alleen tot hulle in Februarie van die volgende jaar teruggaan Suid-Afrika toe. Dit is nie maklik om so 'n lang tydperk ver van jou huis af deur te bring nie, veral in sulke kwaai toestande met slegs 'n paar mense om jou geselskap te hou.

## ANTARKTIKA



### Marlon Manko – dieselwerktuigkundige

Ek is Marlon Manko, een van die dieselwerktuigkundiges vir die SANAP 2013-span. Antarktika is ongelooflik. Die ervaring het 'n diep indruk op my gemaak.

Ek het nooit verstaan wat mense bedoel as hulle sê "die wêreld sal nooit weer dieselfde wees nie". Nou verstaan ek. Om Antarktika toe te gaan, was vir my 'n eenmalige geleentheid. My boodskap aan jongmense is die volgende: Die voetspore wat jy agterlaat, is nie altyd om vir mense te wys waarheen jy gaan nie, maar om jouself te herinner waar jy vandaan kom.



### Saziso Nginda – elektriese ingenieur

Ek is Saziso. Ek kom van eZagwityi in Butterworth. Ek het na 'n plaaslike laerskool gegaan en daarna na die Kentane-hoërskool (Macibe). Daarna het ek in elektriese ingenieurswese studeer. By die basis in Antarktika is ek vir krag- en watervoorsiening verantwoordelik. Ons het albei nodig om in hierdie uiterste toestande te kan werk en lewe. Ek hou van fliek, musiek, lees en reis. Om hier te woon, is 'n lewensverrykende ervaring. Iets wat ek baie mis, is om Sondae saam met my gesin kerk toe te gaan.



### Daleen Koch – wetenskaplike/ingenieur

My naam is Daleen. Ek kom van Bronkhorstspruit in Gauteng. Ek het in Pretoria skoolgegaan en toe aan die Universiteit van Johannesburg studeer om elektriese en elektroniese ingenieur te word. In my vrye tyd hou ek van fliek, swem, duik, hokkie, die buitelewe en om met vriende te kuier. Op die basis kan 'n mens dit nie doen nie. My werk hier is om die veranderinge in die aarde se magneetveld te meet. Hiervoor gebruik ek baie sensitiewe toerusting. Ek is lief vir my werk en ek is bevoorreg om hier te werk.



Nuwe woorde



Ons skryf

Dink jy hierdie Suid-Afrikaners geniet dit om in Antarktika te woon en te werk? Sê hoekom.

Sou jy daarvan hou om Antarktika toe te gaan? Waarom?

Skryf 'n paragraaf vol besonderhede oor Antarktika met behulp van wat jy van die plek geleer het. Sê waar dit is en beskryf die weer, of skryf oor die pikkewyne wat daar woon. Jy kan ook skryf oor die Suid-Afrikaners wat daar woon.



Teacher

Sign:

Date:

Datum

# 40 Taal

## Ons skryf

**Kom ons kyk weer na beskrywende woorde. Ons begin met adjektiewe. Jy onthou seker ŉ adjektief beskryf ŉ selfstandige naamwoord, dus vertel dit ons meer oor ŉ persoon, ding, gevoel, en dies meer.**

Pas die volgende selfstandige naamwoorde by ŉ adjektief. Kies dan vier pare en skryf ŉ sin met elke paar.

Selfstandige naamwoorde

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| pikkewyn | son | sneeu | blom | ingenieur | motor | boek | berg | drankie | lug |

Adjektiewe

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| warm | ysig | mooi | vinnig | interessant | hoog | warm | blou | slim | snaaks |

Kom ons kyk nou na bywoorde. ŉ Bywoord beskryf onder meer ŉ werkwoord, dus vertel dit ons meer oor aksies. Pas elk van die volgende werkwoorde by ŉ bywoord. Kies dan vier pare en skryf ŉ sin met elke paar.

Werkwoorde

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| het geskyn | eet | het gedrink | hardloop | spring | skree | het geloop | sit | lag | slaap |

Bywoorde

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| vinnig | hongerig | vas | stadig | helder | vrolik | hard | hoog | gemaklik | dorstig |

Nuwe woorde

## Ons skryf

Gebruik die volgende tabel om jou te help om vier sinne in die negatiewe vorm te skryf.

| | | |
|---|---|---|
| Ek<br>Jy<br>Hy, sy,<br>Hulle<br>Hy<br>Sy<br>Hulle<br>Dit | Hou van sneeu<br>Loop oor die pad wanneer die verkeerslig rooi is.<br>Speel sokker.<br>Word maklik kwaad.<br>Eet baie lekkers.<br>Reën in die winter.<br>Kyk elke dag televisie.<br>Sneeu in Suid-Afrika. | nie. |

Dit reën nie in die winter nie.

Skryf nou die kort vorm van hierdie uitdrukkings.

| waar is | geen | om het ewe | sy het | dit is |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

Kyk weer na die negatiewe sinne wat jy geskryf het. Verander nou die sinne in vrae.

Reën dit in die winter?

Kies en omkring nou die korrekte woord in elke sin.

Die nuwe motor is Pieter syne/s'n

Hy stap g'n/nie oor die straat wanneer die verskeerlig rooi is nie.

Pikkewyne kan min/glad nie vlieg nie.

Waar/waar's woon jy?

Hou jy daarvan om in Antarktika woon/te woon?

# 41 Dit hang alles van die weer af

**Ons praat**

- **Van watter soort weer hou jy die meeste?**
- **Waarom is dit vir ons belangrik om te weet hoe die weer môre of volgende week gaan lyk?**
- **Luister jy ooit na die weervoorspelling? Hoekom?**
- **Hoe lyk die weer vandag?**
- **Beskrywe hoe die weer in die verskillende seisoene in jou streek verander.**
- **Sou jy na 'n plek toe wou trek wat baie warm of baie koud is? Gee redes vir jou antwoord.**

*As die wind waai, sal ons nie vandag kan uitgaan om te gaan visvang nie.*

*Ag, nee! Ek wou strand toe gegaan het.*

*Die wind waai jou huiswerk weg! Hardloop gou, vang dit!*

Daar sal 'n sterk windstorm langs die weskus voorkom.

Daar sal vandag verspreide donderbuie langs die kus voorkom.

Dit sal sonnig en warm wees in Polokwane en die kwik gaan styg tot 30 °C.

*Ek sal môre gaan bergklim. Ek wil nie in die berge verdwaal nie.*

*Kom ons gaan swem in die dam!*

Daar sal mis wees in die Drakensberg.




*Nog 'n warm dag! Dis swaar om in hierdie hitte paaie te bou.*

*As die mis te dig word, sal ons moet stilhou want ons sal nie kan sien waar ons ry nie.*

In Gauteng sal dit bewolk wees met reënbuie.

Upington sal nog steeds baie warm en droog wees met 'n maksimum temperatuur van 34 °C.

*Wat gaan ek doen? My wasgoed gaan nie vandag droog word nie.*

*Dis geen probleem nie, ons kan die voetbalwedstryd tot later vandag uitstel.*

*Wonderlik! Ek het so pas nuwe saailinge geplant.*

*As ons nie gou reën kry nie, is hierdie jaar se hele oes daarmee heen.*



Nuwe woorde



## Ons praat

**Wie is bly oor die weervoorspelling?**
**Wie is ongelukkig oor die weer en hoekom?**
**Van watter soort weer hou jy gewoonlik?**

## Ons lees

Lees die gediggie oor die weer en beantwoord dan die vrae.

Kom tog uit, son,
Sonnetjie kom uit.
Ek ken jou, ek weet jy is warm
As jy skyn gaan ek swem, soos gister.

Reën, reën, waar is jy?
Ek wil gaan groente plant.
Sonder jou kry die bome swaar.
Reën, reën, bring tog jou kant!

Wind, wind, nare wind!
Jy het my wasgoed afgewaai.

Wind, wind, aaklige wind,
Jy't gister my huis omgewaai!

Donderweer, dreunende donder,
Jou harde stem laat my skrik.
Die radio moet af, en die TV!

Sonskyn, reën, blitse en wind,
Julle koms bly vir my 'n verrassing!

## Ons skryf

Elke keer as sy 'n weersomstandigheid noem, sê sy watter uitwerking dit op haar het. Noem twee weersomstandighede en skryf 'n sin oor elkeen om te sê hoe dit haar affekteer.

Skryf 'n paragraaf oor 'n dag toe die weer jou onverhoeds betrap het. Byvoorbeeld, jy kon nie 'n trui skool toe neem nie en toe word dit skielik baie koud. Of miskien het jy nie 'n sambreel gehad toe 'n vreeslike reënbui uitbreek nie.

Teacher
Sign:
Date:

Datum




# 42 Ons lees weerkaarte



Ons lees

Kyk na die weerkaart en voltooi die tabel hieronder.






Ons skryf

Skryf die weerstoestande en die temperature vir die volgende stede neer.

| Stad | Minimum temperatuur | Maksimum temperatuur | Beskryf die weersomstandighede |
|---|---|---|---|
| Polokwane | | | |
| Johannesburg | | | |
| Bloemfontein | | | |
| Durban | | | |
| Upington | | | |
| Umtata | | | |
| George | | | |

Vul nou die antwoorde op hierdie vrae in.

Wat is die twee warmste plekke in Suid-Afrika? Gee hulle name en die temperature.

In watter dorp reën dit?

Watter stad het 'n koue front?

Noem een dorp of stad waar dit bewolk is.

Waar is die laagste temperatuur, en hoeveel is dit?

Waar sal jy 'n donderstorm verwag?

Watter stad is gedeeltelik bewolk?




Nuwe woorde



Ons skryf

Kyk na die prentjie hieronder. Hierdie soort prentjie word ŉ lyngrafiek genoem. Let daarop dat elke lyn ŉ ander kleur het. Wat vertel die lyne ons? Jy sal die antwoord onderaan die grafiek kry.

**Kaapstad, Suid-Afrika: Klimaatgrafiek (Hoogte: 42 m)**




Skryf in die tabel die kleure neer van die lyne wat die volgende aandui:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gemiddelde temperatuur | | Die seetemperatuur | |
| Gemiddelde aantal sonligure per dag | | Die humiditeit | |
| Aantal dae met ryp | | Die windsnelheid | |

**Werk saam met ŉ maat. Kyk weer na die kaart en beantwoord die volgende vrae.**

Wat was die minimumtemperatuur aan die einde van September?

Wat was die gemiddelde aantal sonligure aan die einde van Februarie?

In watter maand was die humiditeit die hoogste?

In watter maand was die seetemperatuur die koudste?

Watter maand het die hoogste maksimumtemperatuur?

In watter maande het dit die meeste gereën?

# 43 Die watersiklus

- Waarom is water belangrik vir lewe?
- Wat dink jy sou gebeur as daar geen water was nie?
- Ons weet ons kry water van reën, maar hoe gebeur dit?




Alle lewe op aarde is afhanklik van water. Afgesien van die lug wat ons inasem, is water die belangrikste stof vir alle lewende dinge. Daarsonder kan lewende wesens nie bestaan nie. As ons nie genoeg water in ons liggame het nie, kan afvalstowwe nie verwyder word nie. Dit sal baie dele van ons liggame affekteer en siektes veroorsaak.

Ons moet die watersiklus verstaan om te begryp waar water vandaan kom. Die watersiklus is die nimmereindigende beweging van water tussen die see, land en lug.


Die prentjie hieronder verduidelik en wys vir jou wat in die watersiklus gebeur.

1 **Verdamping**
Die son verhit die water in riviere of oseane en verander dit in waterdamp.

2 **Kondensasie**
Wanneer die waterdamp in die lug afkoel, kondenseer dit en verander in wolke.

3 **Presipitasie**
Wanneer baie water gekondenseer het, kan die lug dit nie meer bo hou nie. Die wolke word swaar en die water val terug aarde toe in die vorm van
- Hael
- Sneeu
- Ysreën
- Reën

4 Wanneer die water uiteindelik op land val, syfer dit in die grond in en word grondwater wat plante en diere gebruik. Dit kan ook in riviere, mere en oseane beland, en dan begin die siklus van voor af.



Nuwe woorde

Ons praat

Kyk weer na die prentjie van die watersiklus. Verduidelik vir mekaar hoe die watersiklus werk. Gebruik in jou verduideliking die volgende woorde: **verdamping, kondensasie, presipitasie.**

- **Die prentjie wys 'n siklus (dinge wat in 'n vasgestelde volgorde gebeur).**
- **Probeer uitwerk wat die siklus ons wys.**
- **Hoeveel verskillende vorme van water kan jy in die prentjie uitken?**

Skryf nou 'n sin om te beskryf wat in elkeen van die drie prentjies gebeur.

Ons skryf

Jy het verduidelik hoe die watersiklus werk. Skryf nou vier stappe om te verduidelik hoe 'n ander proses werk. Dit kan verduidelik hoe 'n mens water kook, of 'n koei melk, of 'n lek regmaak. Begin met 'n opskrif en gee dan vier of vyf goeie instruksies. Vra daarna jou maat om die instruksies te lees en te kyk of hulle duidelik is.

Instruksies vir ______________________

Teacher

Sign:

Date:

# 44 Waterbesparing

Ons lees

**Kyk na hierdie waterplakkate. Hulle is geteken deur kinders in Amerika wat net so oud soos jy is.**




*Malia Moore, Graad 5.*
As jy 'n droogte beleef, tel elke druppel.




*Eric Wang, Graad 6.*
Water is baie belangrik. Bespaar my.




*Victoria Ouyang, Graad 6.*
Alle lewe is van water afhanklik. Bespaar dit asseblief.

Maak nou jou eie waterplakkaat. Teken 'n prentjie en noem twee maniere om water te bespaar.

Wanneer gebruik jy die woordjie dis? Weet jy wat dit beteken? Dis die kort vorm van die woorde dit is. Ons kan byvoorbeeld sê "Dis warm vandag" wanneer ons van die weer praat. Of as jy na 'n dooie voorwerp, soos 'n klip, verwys, "Dis lê koud in my hand". Maar ons sê nooit vir 'n lewende iets, soos 'n baba of 'n dier, "dit" nie. Dan gebruik ons "hy" of "sy".





## Ons skryf

Vul die regte voornaamwoorde in elkeen van hierdie sinne in. Moenie vergeet om 'n hoofletter aan die begin van elke sin te gebruik nie.

| | | |
|---|---|---|
| Ek | my | ________ bespaar water in ______ huis. |
| ons | ons | ______ het 'n boorgat by ________ huis. |
| jy | jou | Het _____ ________ boek by jou? |
| hy | sy | ______ het _______ boek maar nie sy pen nie. |
| sy | haar | _________ het sowaar __________ boek by die huis gelos. |
| hy | sy | ________ het ________ poot seergemaak toe hy val. |
| my | myne | Hierdie een is _______ boek. Die boek is _______________. |
| hulle | hulle s'n | Hulle het ________ motor na die motorhawe geneem. Daardie fiets is ook ____________. |



## Ons skryf

**Vul dis, dit of sy in om die sinne te voltooi**

______ belangrik om water te bespaar.

Die kat het ____ pote gelek.

______ gaan vannag baie koud wees.

Die voël het na _____ nes gevlieg om _____ kuikens te voer.

______ nie lekker om in 'n storm vasgekeer te word nie.

Ek gaan in die tuin werk terwyl ______ nog lig is.

Dis is die afkorting van dit is.

Kyk nou of jy die korrekte woorde in die sinne hieronder kan invul. Gebruik die woorde in die raam om jou te help.

| per | van | buite | af | onder | tot |
|---|---|---|---|---|---|

Ben gaan ____ bus skool toe.

Ons gaan _____ Maandag ____ Vrydag skool toe.

Wanneer jy met 'n bal speel, moet jy _________ speel en nie in die huis nie.

Sy het ________ gesit en haar boek _________ die boom gelees.

Datum



## 45 Mense en plekke

- **Kyk na die twee prente en praat oor die dinge in die eerste prent wat nie in die tweede prent is nie.**
- **Watter voordele geniet mense wat op die platteland woon?**
- **Watter voordele geniet mense wat in ŉ stedelike gebied woon?**
- **Wat is die nadele verbonde aan elkeen van hierdie gebiede?**
- **Watter soort werk doen mense in hierdie gebiede?**

platteland



stad





Ons lees



My naam is **Khetiwe.** Ek is 12 jaar oud.
Ek bly by my tannie in Mabopane in Gauteng. My ma en my pa werk in Durban, en my broer werk in ŉ fabriek in Oos-Londen. Ek reis ver om my gesinsmense in vakansietye te besoek. Wanneer ek skoolgaan, bly ek in Gauteng.

Ek is gelukkig dat ek ŉ hele paar tale kan praat. Ek praat Setswana by die skool, maar ek praat Zulu met my tannie en my ma. My pa praat Xhosa. Hy het in Bizana in die Oos-Kaap grootgeword. Wanneer ek na die winkels in Pretoria gaan, praat ek Afrikaans, en wanneer ek my neefs en niggies in Johannesburg besoek, praat ek Engels. Tuis, wanneer ek in die buurt met my maats speel, wissel ons heeltyd tale. Ek het vyf goeie vriendinne. Hulle praat Tsonga, Sepedi, Sesotho, Setswana en Engels. Ons het bure wat Frans praat. Hulle kom van die Demokratiese Republiek die Kongo. Dus leer ek nou Frans praat. Ek is baie bevoorreg dat ek die meeste Suid-Afrikaanse tale kan verstaan.



My naam is **Bongani.** Ek is amper 13. Ek woon in ŉ stat naby Eshowe in KwaZulu-Natal. Ek woon by my gesin, my ouers en grootouers. Ons stat is in ŉ plattelandse gebied en ons het beeste en ŉ paar skape. By die huis en skool praat ek Zulu. Op skool leer ons Engels maar ek het nie baie geleentheid om Engels te praat nie. Ek kan Swazi en Xhosa verstaan want hulle is baie soos Zulu. Al die mense van my omgewing praat Zulu. Ek hoor selde die ander Suid-Afrikaanse tale. Verlede jaar het ek saam met die skool se sokkerspan aan ŉ uitstappie deelgeneem. Ons het in Gauteng gespeel. Ons het almal Engels gepraat



Nuwe woorde

want niemand in ons span kon Sepedi praat nie.
Ons woon gelukkig in ons plattelandse stat, maar ons kry swaar want ons het nie elektrisiteit nie. Ons het nie water in ons hutte nie, daarom moet ons dit uit die rivier gaan haal, en ons het puttoilette. Alhoewel ek lekker saam met my gesin woon, sal ek waarskynlik uiteindelik stad toe trek. My ouer broer het dorp toe verhuis om te gaan werk soek.

**Ek is Belinda.** Ek word in Desember 13. Ek woon in Durban. Ek gaan skool saam met kinders wat Zulu en Engels praat. Ek kan Zulu praat. Ek praat Zulu net wanneer ek kan. Wanneer ek met my maats praat, meng ons Zulu en Engels. Ons het kinders in ons skool wat van ander lande af kom, en hulle praat Engels. Ek woon by my ma en ouma. Ek het een jonger broer. Hy is in graad 3. Ons praat Afrikaans wanneer ons vir ons pa gaan kuier. Hy woon naby Kaapstad.






**Vind by vyf mense uit watter tale hulle in verskillende situasies praat.**

| | Skryf hul name in hierdie ruimtes en sê dan watter tale hulle gebruik. | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| By die huis | | | | |
| In die klas | | | | |
| Op die speelgrond | | | | |
| Met maats | | | | |
| In winkels | | | | |
| In die omgewing | | | | |

**Skryf nou vyf sinne waarin jy die plekke waar Khetiwe en Bongani woon, vergelyk. Gebruik die woorde in die linkerkantste kolom om jou te help.**

| | Waar Khetiwe woon | Waar Bongani woon |
|---|---|---|
| Winkels | | |
| Paaie | | |
| Vervoer | | |
| Werksgeleenthede | | |
| Taal | | |

Teacher
Sign:
Date:

Datum




# 46 Al ons tale

## Ons praat

- Waarom moet die mense in dorpe meer tale praat as die mense in stedelike gebiede?
- Sou jy graag nog 'n taal wil aanleer? Watter een?

## Ons lees

Kyk na die grafiek en beantwoord die vrae wat daarop volg.




## Ons skryf


| | |
|---|---|
| Watter taal word deur die meeste mense in Suid-Afrika gepraat? | |
| Watter taal word deur die minste mense gepraat? | |
| Is daar volgens hierdie grafiek enige tale wat deur ewe veel mense gepraat word? Watter tale? | |
| Wat is jou huistaal? | |
| Watter persentasie Suid-Afrikaners praat jou huistaal? | |



**Ons doen**

**Kyk na die volgende grafiek. Hierdie soort grafiek word 'n sirkeldiagram genoem. Dit wys hoeveel Suid-Afrikaners mans is en hoeveel vroue.**

Hierdie diagram wys vir ons dat daar meer vroue as mans in Suid-Afrika is.





Kyk nou na die kaart om te sien waar die mense in Suid-Afrika woon.




**Beantwoord hierdie vrae nadat jy die kaart bestudeer het.**

| | |
|---|---|
| Watter provinsie het die meeste mense? | |
| Watter provinsie het die minste mense? | |
| Watter twee provinsies het amper dieselfde getal mense? | |
| In watter provinsie woon jy? | |

Datum



# 47 Stad of dorp?



- Waar is jy gebore – op 'n plaas, op 'n dorp of in 'n stad?
- Wat gaan jy mis as jy moet wegtrek van die plek waar jy nou woon?
- Waar wil jy die graagste woon – in 'n stad of op 'n dorp? Sê waarom.

Ons lees

## Dorpsmuis en stadsmuis



Mathilda Muis woon op 'n klein plasie saam met haar ma ver, ver van die stad. Hulle woon gelukkig daar want dit is maklik om op die plaas kos te kry. Hulle het 'n netjiese klein huisie in die gat onder die tuinhuisie. Mathilda Muis en haar ma het altyd genoeg om te eet want die boer laat gewoonlik baie gesonde graan en mielies val wanneer hy werk.

Eendag hoor Mathilda haar nig Mizi, 'n stadsmuis, kom vir hulle kuier. Sy berei toe vir haar niggie die heerlikste ete voor. Hulle het graan opgetel en selfs ou kaas wat die boer laat val het. "Wat 'n heerlike maaltyd," dink Mathilda Muis. "Hierdie kos is geskik vir 'n prinses."

Mathilda verwelkom haar niggie hartlik en bied haar die graan, mielies en kaas aan. Maar Mizi trek haar neus op en sê: "Nig Mathilda, ek kan nie verstaan hoe jy sulke vervelige kos kan eet nie. Kom saam met my dan wys ek jou hoe ons lewe. Na 'n week in die stad sal jy wonder hoe jy ooit hier kon woon."

Die twee muise spring toe weg stad toe. Hulle klim by die hooftaxistaanplek uit die taxi. "Kyk!" sê Mizi. "Daardie is die Lekkerhappie-hamburgerstalletjie en daardie is die inkoopsentrum." Dit is raserig en daar is baie mense. Mathilda is bang vir die groot motors en die harde stadsgeluide. Uiteindelik kom hulle by Mizi se huis in die stad. "Jy is seker dood van die dors," sê Mizi. "Kom ons eet iets." Sy neem Mathilda muis na 'n baie deftige eetkamer.



Daar kry hulle die oorskiet van 'n heerlike aandete en net gou smul die muise aan jellie en koek en lekkers en sjokolade. Skielik hoor hulle 'n miaau! "Wat is dit?" vra Mathilda Muis.

"O, net een van die huiskatte," antwoord Mizi.

"Net!" sê Mathilda. "Ek hou nie van musiek by my aandete nie."



Net toe spring 'n yslike, honger kat op Mathilda Muis. Sy skrik haar boeglam.



Nuwe woorde

Sy kry dit reg om haar uit die kat se poot los te wikkel en sy begin hardloop. Sy hou nie op hardloop nie. "Tot siens, Mizi," roep sy terwyl sy die straat inhardloop.

"Ek sal die res van my lewe graan eet. Ek is ten minste veilig ... ek lewe sonder vrees!" hyg sy. Sy hardloop heelpad terug na haar plaas toe. Terwyl sy in die gat onder die tuinhuisie inspring, sê sy vir haarself: " Oos, wes, tuis, bes!"


## Ons skryf

**Skryf 'n paragraaf oor die lewenstyl van elke muis. Beskryf hoe hulle gelewe het en wat hulle geëet het. Ons het elke paragraaf vir jou begin.**

Mathilda, die dorpsmuis, het in 'n muisgat op die plaas gewoon.

Mizi, die stadsmuis, het in 'n groot huis in die middel van 'n groot stad gewoon.

## Ons lees




Watter soort diagram is dit hierdie?

Watter kleure word gebruik om die plattelandse en stedelike persentasies aan te dui?

Kyk na die diagram en sê watter persentasie (%) van Suid-Afrikaners in plattelandse en stedelike gebiede woon.

Dink jy hierdie syfers sal verander? Waarom dink jy so?

Teacher
Sign:
Date:

# 48 Stedelike en plattelandse gebiede



Ons skryf

**Vul alhoewel of maar in om hierdie sinne te verbind. Verduidelik dan vir jou maat wat die verskil tussen die twee sinne se betekenis is.**

| |
|---|
| Ek sou graag op die dorp wou gaan woon __________ ek nie van die stadslawaai hou nie. |
| Ek sou graag op die dorp woon _____ek hou nie van die stadslawaai nie. |

**Berei jou nou voor om vier of vyf paragrawe te skryf oor jou voorkeur vir óf 'n stedelike óf 'n plattelandse gebied. Vul die redes vir jou keuse op die geheuekaart in.**



Nuwe woorde



Ons skryf

**Gebruik nou die geheuekaart om jou paragrawe te skryf oor die gebied waar jy graag sou wil woon. Nommer die bene van die geheuekaart en gebruik hulle om jou te help om goeie paragrawe te skryf deur ŉ hoofonderwerpsin te gebruik met nog ŉ paar ondersteunende sinne.**









# 4










# 49 'n Ongelooflike nag



## Ons praat

- Het jy al ooit 'n nagmerrie gehad?
- Wat het jy gedroom?
- Het jy al ooit gedroom oor 'n boek wat jy besig was om te lees?


## Ons lees



Een nag lê Lindiwe in die bed oor krokodille en lees in haar gunstelingtydskrif, "National Animal Magazine". Voor sy aan die slaap raak, sit sy die tydskrif op die boekrak, net buite die badkamer. Later daardie nag, toe sy op pad is badkamer toe, hoor sy 'n sisgeluid wat uit die boekrak kom. Omdat sy half aan die slaap is, gee sy nie regtig aandag daaraan nie. Maar toe begin die hoop koerante en tydskrifte op die boekrak beweeg. Die stapel koerante val om en skielik lê die tydskrifte en boeke gesaai oor die vloer en die gesis word al harder.




Lindiwe kan haar oë nie glo nie: 'n grommende, snorkende krokodil kruip uit die boekrak uit. Sy bly versteen staan. Sy kyk hoe die krokodil uit die boekrak kruip en stadig in die vertrek rondkyk. Dit lyk asof hy sopas uit die water gekom het.



Sy hele lyf is druipnat en hy maak 'n dam water op die vloer. Die krokodil maak 'n sisgeluid en swaai sy kop en stert heen en weer. Hy maak sy bek oop en Lindiwe sluk hard toe sy die lang ry tande sien.

Die "National Animal Magazine" lê op die vloer langs die krokodil. Iets omtrent die tydskrif lyk nie heeltemal reg nie, en toe sien sy die prent op die buiteblad lyk anders. In plaas van 'n groot krokodil op 'n rivieroewer, is daar nou net die oewer. Sy tel die tydskrif op. Net toe slaan die krokodil so hard met sy stert dat hy haar ma se gunstelingblompot breek en glasstukke oor die vloer strooi. Lindiwe hardloop na haar kamer toe en klap die deur toe. Sy gaan sit op haar bed, baie verlig.

"Miskien kan 'n mens die maklikste van hom ontlae raak deur hom iets te ete te gee," dink sy.

Sy kyk na die, "National Animal Magazine" en sê vir haarself: "As die krok uit die prentjie kruip, kan ander diere dit dalk ook doen." Sy blaai deur die tydskrif en kry 'n prentjie van 'n klomp flaminke.





Nuwe woorde



"Hulle sal 'n goeie maaltyd vir die krok wees," dink sy. Toe laat 'n harde klapgeluid haar wip, en sy sien die punt van die krokodil se stert deur die versplinterde deur steek. Sy druk die flaminkprentjie deur die gat in die deur om vir die krokodil sy kos te wys.

Skielik is daar dosyne krysende flaminke met flappende vlerke wat op hul lang, maer bene buite haar deur rondhardloop. Toe verdwyn 'n flamink in die krokodil se bek en toe nog een, en nog een en nog een. Die krokodil gaan lê uitgeput op die grond, maak sy oë toe en bly roerloos lê.

Lindiwe maak die deur saggies oop en sit die tydskrif voor die krokodil se neus. "Asseblief tog," fluister sy, "gaan asseblief huis toe." Sy kruip terug na haar kamer en loer deur die gat in die deur. Die krokodil en die flaminke verdwyn terug in die tydskrif.

Die volgende oggend wil haar ouers weet hoekom die vloer nat is, wat die gat in die deur gemaak het en hoekom haar ma se vaas stukkend op die vloer lê. Lindiwe weet nie wat om te sê nie.

*(Storie aangepas uit "An unbelievable night" deur F Hohler, uit die PIRLS Sample passages, questions and scoring guides.)*



Ons doen

**Hierdie sinne handel oor wat in Lindiwe se storie gebeur. Hulle is in die verkeerde volgorde. Nommer hulle in die regte volgorde. Ons het 'n paar genommer om jou te help**

| | |
|---|---|
| | Later is sy badkamer toe. |
| | Sy sien 'n krokodil wat sis en sy kop en stert heen en weer swaai. |
| 2 | Sy raak aan die slaap. |
| | Sy sluit haarself in die slaapkamer toe |
| | Sy kry 'n prentjie van flaminke. |
| | Die krokodil vreet die flaminke op. |
| 9 | Die krokodil raak aan die slaap. |
| | Die flaminke spring uit die prentjie. |
| 1 | Lindiwe lees die "National Animal Magazine" en sit dit op die boekrak neer. |



Teacher
Sign:
Date:

Datum



# 50 Nog inligting oor die krokodil

Ons skryf

Lees weer die storie "'n Ongelooflike nag", en beantwoord dan hierdie vrae.

Wat was die eerste teken dat iets ongewoons besig was om te gebeur?

| | |
|---|---|
| a) | Die stapel koerante het begin beweeg. |
| b) | Lindiwe het gesien die prentjie op die tydskrif se buiteblad is leeg. |
| c) | Haar kamerdeur wat stukkend. |
| d) | Lindiwe het 'n sisgeluid gehoor. |

Waar het die krokodil vandaan gekom?

| | |
|---|---|
| a) | Die badkamer |
| b) | 'n Tydskrif se buiteblad |
| c) | Onder die bed uit |
| d) | Van 'n rivier daar naby |

Watter woorde sê vir ons Lindiwe was bang?

| | |
|---|---|
| a) | Versteen staan |
| b) | Kon haar oë nie glo nie |
| c) | Was verlig |
| d) | Hoor 'n sisgeluid |

Waarom het Lindiwe gedink die krokodil gaan haar aanval?

| | |
|---|---|
| a) | Hy het sy tande gewys. |
| b) | Hy het hard gesis. |
| c) | Hy het begin grom en snork. |
| d) | Hy het begin om sy stert heen en weer te swaai. |

Hoe is die slaapkamerdeur gebreek?

| | |
|---|---|
| a) | Die krokodil se tert het dit stukkend geslaan. |
| b) | Haar ma se blompot het daarteen vasgeskiet. |
| c) | Die flamink se skerp bek het daarteen gekap. |
| d) | Lindiwe het die deur so hard geklap dat dit gebreek het. |



Nuwe woorde




Waarom het Lindiwe die flaminke uit die tydskrif geroep?

Noem twee maniere waarop die tydskrif Lindiwe gehelp het.

Dink jy die krokodilstorie was deel van Lindiwe se droom?
Gee een bewys dat dit 'n droom was.

Gee nou een feit wat bewys dat dit nie 'n droom was nie.

Hoe het sy teen die einde van die storie teenoor die flaminke gevoel?



a) Dankbaar

b) Skuldig

c) Versigtig

d) Vies



Datum



# 51 Die volgende dag

Ons doen

## Rolspel

- **Dink 'n rolspel uit waarin jy Lindiwe uitbeeld wat haar ouers vertel wat gebeur het.**
- **Dink jy haar ouers gaan die storie glo?**
- **Wys hoe Lindiwe haar ouers oorreed om te glo wat sy vertel oor die redes waarom die vloer nat geword, haar ma se vaas gebreek het en haar slaapkamerdeur 'n gat ingekry het. Bedink 'n einde vir jou toneelstuk.**

Ons skryf

Kyk weer na die storie. Konsentreer op Lindiwe as karakter. Dink oor al die dinge wat sy gedoen het om haarself van die krokodil te red. Vul 'n paar adjektiewe in om haar persoonlikheid te beskryf. Skryf daarna watter soort persoon sy volgens jou was.




Gebruik nou die adjektiewe om 'n karakterskets van Lindiwe te skryf.






Ons skryf

**Beplan die beskrywing van 'n droom of 'n nagmerrie wat jy gehad het. Gebruik die geheuekaart vir jou beplanning.**

Jou onderwerp is: **"Laas nag het ek gedroom ..."** . Vul jou hoofidees op die geheuekaart in. Sê wat jy gedoen het voor jy gaan slaap het, wat in jou droom gebeur het en hoe dit geëindig het. Noem hoe jy gevoel het tydens die droom. Was jy bang?

Na jy dit gedoen het, moet jy 3 of 4 paragrawe oor jou droom skryf. Skryf eers jou beskrywing op los velle papier. Vra jou maat om dit na te gaan. Môre gaan jy jou werk netjies in hierdie werksvel oorskryf.

Laas nag het ek gedroom.

Voor ek gaan slaap het.

Hoe die droom begin het.

Hoe ek tydens die droom gevoel het.

Hoe die droom geëindig het

Toe ek wakker geword het.

Teacher

Sign:

Date:

Datum



## 52 Ek skryf my storie

**Skryf jou ruwe opstel in die beskikbare ruimte oor.**

Laasnag het ek gedroom ...





## Nuwe woorde







Datum

## 53 Hoe spinnekop sy dun bene gekry het



**Vandag lees ons die storie van 'n legendariese Afrikaspinnekop wat Anansi genoem word.**

Ons lees



Eendag kom hy by Haas se huis aan. Haas was sy goeie vriend.

"Daar is groente in jou kastrol," roep Anansi opgewonde. Hy was baie lief vir groente.

"Dit is nog nie heeltemal gaar nie," sê Haas. "Maar dit sal net-nou reg wees. Bly hier dan eet jy saam met my."

"Ek sou graag wil, Haas, maar ek het dinge om te doen," antwoord Anansi haastig. Hy was bang as hy by Haas se huis bly, Haas hom werkies sou gee om te doen. Hy wou nie op die ou end die skottelgoed was nie.

"Ek sê jou wat," sê Anansi. "Ek sal 'n web spin. Ek sal die een punt aan my been vasmaak en die ander een aan jou kastrol. As die groente gaar is, gee net 'n pluk aan die spinnedraad en dan hardloop ek terug!"

Haas het gedink dis 'n briljante idee. En toe maak hulle so.

"Ek ruik boontjies," snuif Anansi opgewonde terwyl hy verder drentel. "Heerlike boontjies wat in 'n pot kook."

"Kom eet saam van ons boontjies," roep die apies. "Dit is amper gaar."

"Ek sou graag wil, pa Apie," sê Anansi. Weer stel hy voor dat hy 'n web spin waarvan een punt aan sy been en die ander punt aan die pot bone vasgebind word.

Pa Apie dink toe dis 'n uitstekende idee. Al sy kinders dink ook so. En toe maak hulle so.





"Ek ruik patats," snuif Anansi vrolik terwyl hy verder slenter. "Patats met heuning. Hoe smaaklik!"


"Anansi," roep sy vriend Varkie. "Ek het 'n kastrol vol patats met heuning. Kom deel my kos met my."


"Ek sou graag wil" sê Anansi. En weer stel hy voor om 'n spinnedraad te spin met een punt wat aan sy been vas is en die ander een aan die kastrol.

Sy vriend Varkie dink dis 'n baie goeie idee. En toe maak hulle so.




Teen die tyd dat Anansi by die rivier aankom, het hy 'n spinnedraad aan elkeen van sy agt pote.
"Dit was 'n wonderlike idee," sê Anansi trots vir homself.
"Ek wonder wie se kastrol gaan die eerste gereed wees? Ek sal vandag agt maaltye kan eet. Is ek nie gelukkig nie?"
Net toe voel Anansi 'n pluk aan sy been. "A," sê Anansi. "Dit is die spinnedraad wat aan Haas se groente vas is." Hy voel nog 'n pluk. En nog een. En toe word Anansi tegelyk in drie rigtings getrek.





"O aardetjie," sê Anansi toe hy 'n pluk aan die vierde spinnedraad voel. Net toe voel hy die vyfde pluk aan 'n draad. En die sesde! En die sewende! En die agtste! Anansi word hiernatoe en daarnatoe gepluk soos almal die spinnedrade gelyk trek. Sy bene word al dunner en dunner getrek. Toe rol Anansi vinnig in die rivier in. Toe al die spinnedrade uiteindelik afgewas is, sleep Anansi homself pynlik uit die rivier.
"O einatjie tog," sug Anansi. "Miskien was dit toe tog nie so 'n goeie idee nie."
Tot vandag toe het Anansi die spinnekop agt baie dun bene. En hy het daardie dag geen kos gekry nie.



## Ons praat

Waarom het Anansi besluit om nie by Haas se huis te wag tot die groente gaar is nie?

Hoe het dit gekom dat hy agt dun bene het?

Hoe het Anansi verhoed dat hy uitmekaar geskeur word?

Wat is die les in hierdie storie? Hoe weet ons dit is nie 'n ware verhaal nie?

Teacher
Sign:
Date:

Datum

# 54 Spinnekoppe



**Ons praat**

- **Hoe voel jy oor spinnekoppe?**
- **Kan jy enige gevaarlike of onskadelike spinnekoppe noem?**
- **Op watter maniere is onskadelike spinnekoppe vir ons nuttig?**
- **Wat is die verskil tussen 'n spinnekop en 'n insek?**

**Ons lees**

## Ses bene of agt bene

**Het jy geweet** dat spinnekoppe eintlik taamlik nuttig is vir mense? Hulle eet byvoorbeeld insekte wat vir ons skadelik is.

Hoe vang spinnekoppe insekte? Party spinnekoppe vang insekte in 'n web van sydrade. Die spinnekop het klein gaatjies in sy lyf waaruit 'n vloeistof kom wanneer hy 'n web wil spin. Wanneer die vloeistof aan lug raak, verander dit in sterk, dun sydraad waarmee die spinnekop sy web of spinnerak maak. Verskillende spinnekoppe maak verskillende webbe.



Tuinspinnekoppe maak taai spinnerakke.



Die knopiespinnekop maak 'n deurmekaar web.

Grasspinnekoppe maak webbe soos klein lakens.





Party spinnekoppe is vissermanne. Hulle sit by 'n rivier of dammetjie en vang visse wat verbyswem.





**Ons praat**

**Spinnekoppe is nie insekte nie. Hulle is baie anders as insekte. Kyk na die tabel hieronder.**

| | |
|---|---|
|  **Insekte** Insekte het voelers en net ses bene, en die meeste van hulle het twee paar vlerke. Hulle lywe is in drie dele verdeel – die kop, die bors en die onderlyf. |  **Spinnekoppe** Spinnekoppe het agt bene en geen vlerke of voelers nie. Hulle het kloue aan hul pote en kakebene wat soos klein beentjies lyk. Spinnekoppe se lywe is bedek met hare. |



**Kyk na die twee prentjies en sê vir jou maat wat die verskille tussen 'n spinnekop en 'n insek is.**

**Ons skryf**

**Noem drie verskille tussen spinnekoppe en insekte.**

*Kyk na die bene.*

*Kyk na die ander dele van die lyf.*

*Kyk na die bedekking van die lyf.*

**Hoe vang spinnekoppe die insekte wat hulle eet?**

**Hoe maak spinnekoppe hul webbe?**

**Noem drie verskillende webbe wat spinnekoppe maak.**



Datum



# 55 Wat het ses bene?





- **Ons weet Anansi het agt bene. Wat het ses bene?**
- **Hoeveel insekte kan jy opnoem?**
- **Watter insekte pla jou?**



## Ons lees

### Goggas met ses bene

Het 'n insek al ooit oor jou arm geloop en jou met sy pote gekielie? Was dit 'n vlieg of 'n mier of 'n by, 'n sprinkaan of 'n besie, 'n kriek of 'n skoenlapper?
Dit maak nie saak waar jy woon nie, daar sal verseker 'n paar sesbeengoggas naby jou wees. Daar is biljoene verskillende soorte insekte.

### Hoe lyk insekte?

Alle insekte het ses bene en twee voelers op hul koppe. Party het twee vlerke en party het vier. Insekte het lywe wat uit drie dele bestaan – 'n kop, 'n bors en 'n onderlyf.

Insekte is nie soos mense nie. As jy aan iets wil proe lek jy dit met jou tong. 'n Vlieg loop oor iets as hy daaraan wil proe. As jy aan iets wil ruik, gebruik jy jou neus. Maar 'n vlieg het nie 'n neus nie. Hy ruik met die voelers op sy kop.





## Ons doen

**Insekte sien nie soos ons sien nie. Hulle oë bestaan uit honderde klein ogies. Elke klein ogie sien 'n stukkie van wat jy sien.**







**Nuwe woorde**





## Ons skryf

**Herlees die beskrywing van 'n insek en probeer dan om 'n insek te teken. Begin met die drie dele van die lyf. Merk al die dele wat jy teken.**



| | Mense | Insekte |
|---|---|---|
| Ruik | Ons ruik met ons neuse. | Party insekte ruik met hul pote. |
| Proe | | |
| Sien | | |
| Loop | | |

**Voltooi die paragraaf.**



Ek het 'n gekielie op my arm gevoel. Toe voel ek 'n seer byt. Ek het gegil en

Teacher
Sign:
Date:



Datum

# 56 Verbindingswoorde

**Gebruik verbindingswoorde**

Jy sal onthou dat ons sekere verbindingswoorde gebruik om **oorsake** en gevolge aan te dui. **Omdat** is 'n verbindingswoord wat ons soos volg gebruik: "**Omdat** dit reën, is die wedstryd uitgestel." Hier is nog 'n voorbeeld waarin verskeie verbindende woorde gebruik word. "Hy het hard geleer vir die toets en **gevolglik** het hy 'n hoë punt behaal."

Ons skryf

**Voltooi nou die volgende om volsinne te maak. Hulle gebruik almal verbindende woorde om oorsake en gevolge aan te dui.**

| |
|---|
| Die bus het gebreek en as gevolg daarvan moes hulle |
| Omdat sy haar been beseer het terwyl hulle geoefen het, kon sy |
| Die fietsryer was nie baie fiks nie, en gevolglik het hy |
| Omdat hulle vervoer laat aangekom het, was hulle |
| As gevolg van die droogte |

Die afkappingsteken word nie net in Afrikaans gebruik waar 'n letter uitgelaat is, soos in daar's, s'n, om 't ewe en aan 't werk nie. Ons moet dit ook gebruik wanneer ons 'n meervoud skryf van 'n woord wat op 'n lang klinker eindig. Die meervoud van ma skryf ons as ma's, die meervoud van pomelo is pomelo's.



Ons skryf

**Skryf nou die meervoude van die volgende woorde:**

| |
|---|
| 1. hoera, pa |
| 2. impi, kiwi |
| 3. foto, video |
| 4. balju |
| 5. gogga, ouma |





Nuwe woorde



**Ons gebruik sinonieme of woorde met dieselfde betekenis sodat ons taalgebruik nie vervelig klink nie. Watter sin klink die beste?**

1) Hy was baie vies omdat hy sy boek verloor het. Die verlies van sy boek het hom vies gemaak.
2) Hy was baie vies omdat hy sy boek verloor het. Die verlies van sy boek het hom kwaad gemaak.

**Die tweede voorbeeld is beter want die skrywer het die sinoniem "kwaad" gebruik, wat dieselfde as "vies" beteken. Dit maak die sin interessanter.**



Ons skryf

**Skryf nou vier pare sinne. Gebruik die woord en sy sinoniem (wat ons vir jou gee) in elke paar sinne.**

| | |
|---|---|
| vrolik | |
| opgeruimd | |
| slim | |
| intelligent | |
| laf | |
| dwaas | |

**Waarom skryf mense?**

- Mense skryf om jou te vermaak en jou te laat lag.
- Hulle skryf ook om jou te oorreed om in iets te glo.
- Partykeer skryf mense om jou oor iets in te lig of jou iets te leer.

As daar in 'n stuk skryfwerk meer feite as opinies is, sal dit waarskynlik **informatief** wees. Dit lig jou in.

As daar in 'n stuk skryfwerk meer opinies as feite is, of as dit 'n uitgedinkte storie vertel, sal dit 'n **vermaaklike** stuk prosa wees.

Indien 'n stuk skryfwerk jou probeer oorreed om iets te doen, is die hoofdoel **oorreding**. Dit oorreed jou.



Ons praat

**Watter soort skryfwerk is die storie van Anansi?**
**Watter soort skryfwerk is die beskrywing van die spinnekop?**
**Watter soort skryfwerk is die storie van Lindiwe se droom?**

Teacher
Sign:
Date:



Datum

## 57 Die meerkatgesin





Ons praat

- **Jy het so pas geleer van sespotige en agtpotige goggas. Kom ons kyk nou na diere met vier bene.**
- **Watter diere ken jy wat in groepe saamwoon?**
- **Het jy al ooit 'n meerkat gesien?**



Ons lees

Party diere is sosiale diere. Hulle woon saam in groepe, beweeg saam rond, soek saam kos en help mekaar. Meerkatte woon so saam in sosiale groepe wat ons kolonies noem, en wat tussen vyf en vyf en twintig lede het. 'n Kolonie bestaan gewoonlik uit twee of drie gesinne.

Hoe lyk 'n meerkat? 'n Volwasse meerkat weeg omtrent 1 kg en sy stert is omtrent 20 cm lank. Sy stert staan regop. Die diertjie het sterk kloue waarmee hy grawe. Hy gebruik ook sy kloue om boom te klim. Die meerkatkolonie grawe 'n **stelsel** van tonnels onder die grond. Dit is waar hulle lewe en slaap. Hulle kan ook in hierdie tonnels gaan wegkruip. Hierdie tonnels word ook **gate** of **lêplekke** genoem.

Waar en hoe lewe meerkatte? Hulle lewe in die woestyn, op plekke waar die grond droog





is en die plante meestal struike en lang gras is. Dit is hulle habitat. 'n Dier se habitat voorsien aan hom kos, water en skuilplek. Meerkatte woon in die Noord-Kaap asook in Namibië en Botswana.

'n Gesin meerkatte woon saam in 'n gat. Die gesinne slaap nie elke nag in dieselfde deel van die tonnel nie. Hulle het elkeen hulle eie afdeling. Meerkatte slaap snags, en in die oggend kom hulle uit om hulle in die son warm te maak. Wanneer hulle regop staan, maak die son hul kaal magies warm na die koue nag in die woestyn. Dit kan bedags baie warm word in die woestyn, en dan gaan die meerkatte terug na die gate om koel te bly.

Ma's en pa's help almal om vir die kleintjies te sorg. Meerkatte is lief vir hul babas. Wanneer die kleintjies drie weke oud is, kom die hele kolonie kyk hoe hulle vir die eerste keer uit die lêplek uitgaan.

Wanneer die meerkatte honger word, gaan



Nuwe woorde



hulle uit om kos te soek. Hulle soek op die grond na termiete, spinnekoppe of honderdpote. Hulle grawe ook op soek na kos. Meerkatte is dus roofdiere. Dit beteken hulle jag en eet ander diere. Die diere wat hulle eet, noem ons hulle prooi. Wanneer hulle jag, snater hulle heeltyd soos hulle met mekaar kommunikeer. Hulle maak seker dat geen lid van die gesin afdwaal nie. Terwyl hulle kos soek, het een van die meerkatte 'n ander werkie om te doen.

Hierdie meerkat moet regop staan op 'n plek van waar hy alles kan sien, en sy oë oophou vir gevaar. Die wagtermeerkat word die wag genoem. Indien daar gevaar is, maak die wag 'n harde blafgeluid, en dan hardloop al die meerkatte om in die gate of struike te gaan wegkruip. Die kleintjies hardloop na hulle ma's toe. Na watter gevaar dink jy is die wag op die uitkyk? As die gevaar verby is, sal die wag eerste uit die gat kom en rondkyk.



## Ons skryf

**Lees die storie en beantwoord die vrae.**

Wat is 'n sosiale dier? Hoe lewe sosiale diere?

Hoe dink jy maak meerkatte hul gate?

Wat is die meerkat se habitat?

Wat is die meerkat se prooi? Gee voorbeelde.

Die skrywer sê een van die meerkatte jag nie maar doen 'n wag se werk. Wat beteken dit?

Teacher

Sign:

Date:



Datum

# 58 Nog inligting oor meerkatte

Ons praat

- **Jy weet nou meerkatte is roofdiere en hulle maak jag op kleiner diere.**
- **Watter diere word deur meerkatte gejag? Vir watter diere is hulle die prooi?**
- **Waarom is dit vir 'n arend maklik om 'n meerkat te vang terwyl die meerkat kos soek?**

Ons lees



## Meerkatte moet hulleself beskerm

Meerkatte beskerm hulleself in 'n groep teen roofdiere soos jakkalse. Hulle omsingel die roofdier soos 'n bende. Hulle staan saam in 'n groep en dan maak hulle hul rûe krom en lig hul hare. Dit laat hulle groter lyk as wat hulle eintlik is. Hulle grom en sis en spoeg om die vyand bang te maak, en skop selfs stof op. Maar hulle kan dit nie doen as die roofdier van bo af kom, soos 'n arend maak nie. Waarom dink julle gebeur dit so? Wanneer 'n arend afvlieg om 'n meerkat te vang, hardloop hulle in hulle gate of in doringrige struike in. Maar as die arend skielik afswiep, beskerm die volwasse meerkatte hul babas deur hulle met hul eie lywe te bedek. Die roofdier kan dan die ma optel en met haar wegvlieg.

Ons skryf

**Skryf 'n paragraaf om te vertel hoe 'n meerkat homself teen roofdiere beskerm. Ons het die onderwerpsin geskryf.**

Meerkatte kan hulleself teen roofdiere beskerm wat op hulle jag maak.



Nuwe woorde







Ons skryf

**Vul die aanhalingstekens in die onderstaande sinne in. Ons het die eerste een vir jou gedoen.**

| |
|---|
| "Kyk, daar is 'n jakkals!" roep die meerkatwag. |
| Kan ons na die meerkatte gaan kyk? het Johan gevra. |
| Meerkatte slaap in gate, verduidelik die onderwyser. |
| Die arend het die meerkatma gegryp! skree Jabu. |
| Julle moet beurte maak op die swaai, sê die juffrou. |
| Ek het 'n meerkat en 'n arend in die dieretuin gesien, sê Thabo. |

**Oorsaak en gevolg**
Ons het al oor oorsaak en gevolg gepraat. 'n Oorsaak is die rede waarom iets gebeur. Die gevolg is die ding wat gebeur.
**Voorbeeld: As jy die ketel aanskakel, sal die water kook.**
Jy kan sien dat die deel wat met "as" begin vir ons van die oorsaak vertel, daarna kom die gevolg of effek.



Ons skryf

**Pas elke sin by sy maat om oorsaak en gevolg te wys.**

| | | |
|---|---|---|
| **As** diere saamwoon, | | **kan** hy die groep waarsku wanneer daar gevaar dreig. |
| **As** die dier lang, sterk kloue het, | | **sal** nie een van hulle te ver wegdwaal nie. |
| **As** hulle soggens op hulle agterpote staan, | | **sal** hy ondergronds grawe. |
| **As** die gesin die hele tyd snater, | | **sal** die son hulle warm maak. |
| **As** die wag staan en waghou, | | **kan** hulle mekaar help. |



Datum

# 59 Ek is 'n meerkat



Ons praat

**Verbeel jou jy is 'n meerkat. Gisteroggend het jy saam met die ander meerkatte opgestaan. Vertel nou die storie van wat gebeur het. Vertel watter soort kos jy geëet het en hoe jy verhoed het dat jy self geëet word. Onthou dat dit in die verlede gebeur het.**
**Werk in pare saam om hierdie geheuekaart te voltooi, en skryf dan jou storie in jou eie woorde.**

In die lêplek



Ons eet lekker saam

In die oggend



My dag as 'n meerkat

Ons kruip vir 'n arend weg

Ons jag prooi

Ons beskerm onsself







Nuwe woorde





## Ons skryf

**Gebruik die hoofidees in die geheuekaart vir jou paragrawe. Skryf jou raamwerk op los velle papier en laat jou maat dit nagaan. Skryf jou storie dan hier netjies neer.**



Teacher

Sign:

Date:



Datum

## 60 'n Plakkaat van 'n meerkatgesin



Ons doen



**Teken 'n plakkaat om mense te oorreed om meerkatte te beskerm. Verstrek op jou plakkaat inligting oor die volgende:**

- **waarom ons hulle sosiale diere noem**
- **hoe en waar hulle lewe**
- **hoe hulle hulle kos kry**
- **hoe hulle hulleself en mekaar beskerm**






Ons doen

**Jy het tot dusver hierdie jaar 'n groot verskeidenheid stories en artikels gelees. Wat is die doel van hierdie stukke skryfwerk? Waarom is elke stuk geskryf?**

Plaas 'n kruisie langs die doel van elkeen van die volgende skryfstukke.

| | Vermaak | Inligting | Oorreding |
|---|---|---|---|
| Hoe meerkatte lewe | | | |
| Hoe die spinnekop sulke dun bene gekry het | | | |
| Nuwe rookwette beskerm kinders | | | |
| Die grondmanifes: Kweek goeie grond | | | |
| 'n Ongelooflike nag | | | |



Ons skryf

Die tye van die werkwoorde vertel vir ons wanneer 'n aksie plaasvind. Maar ons moet versigtig wees om nie, wanneer ons iets in die verlede tyd oorskryf, sommer elke werkwoord na die verlede tyd te verander nie. Dink na oor die logiese betekenis. As jy 'n feit noem, bly dit teenwoordige tyd. Kyk na hierdie voorbeelde:
1. Die gids vertel ons die meerkat se habitat is 'n stelsel van gate en tonnels.
2. Die gids het ons vertel die meerkat se habitat is 'n stelsel van gate en tonnels.

**Kyk mooi na hierdie sinne en kies dan die korrekte tyd van die werkwoord. Dink watter aksies in die verlede plaasgevind het en watter feite onveranderd gelaat moet word.**

1. Nadat die gids ons van die meerkat se lewensgewoontes vertel/vertel het, het ek gewens/wens ek ek is/was ook 'n meerkat.
2. Dit het vir my duidelik geword dat meerkatte mekaar altyd beskerm het/beskerm.
3. Voor die onderwyser in die pakkamer ingaan/ingegaan het, het hy eers die lig aangeskakel/skakel hy eers die lig aan.
4. Vroeg een oggend het twee arende die meerkatte aanval/aangeval. Arende is/was een van hul grootste vyande.
5. Het jy al probeer/geprobeer om 'n jagter te oortuig dat hy nie luiperds moet/moes skiet nie?

**'n Arend wat hoog in die blou lug vlieg, kyk af en sien 'n meerkatma wat haar kleintjies tussen doringstruike beskerm. Hy swiep af om 'n meerkat in sy groot kloue te gryp, maar die meerkatte ontvlug na hul gate.**
**Hierdie beskrywing het drie dele. Teken 'n prentjie van elke deel in die ruimtes hier onder.**



Ons doen



Datum

# 61 Is die ou storie oor dolfyne waar?



Ons lees

**Het jy al stories gehoor oor hoe dolfyne mense gehelp het?**
Vyf duisend jaar gelede is daar 'n storie geskryf oor 'n dolfyn en 'n arm seun. Die arm seun het vriende gemaak met 'n dolfyn wat naby sy huis in die see gewoon het.
Elke dag roep die seun "Simo" en dan kom Simo na hom toe. Die seun en die dolfyn word groot maats en Simo neem selfs die seun op sy rug skool toe in die dorpie daar naby. Maar die storie het 'n slegte einde. Die seun gaan dood en Simo mis sy maat so erg dat hy van hartseer sterf. Die dorpsmense kry Simo dood op die strand.







Ons praat

**Dink jy die storie van Simo is waar? Doen dolfyne werklik sulke dinge? Of is dit net 'n antieke verhaal?**



Ons lees

**Hier is 'n ware storie oor 'n dolfyn uit Nieu-Seeland. Dit is ook 'n baie ou storie.**

## 'n Dolfyn red 'n lewe

'n Leser het hierdie storie ingestuur oor 'n dolfyn wat Opo genoem word en wat naby die Opononi-strand woon. Die mens vir wie Opo die liefste is, is Sarah Ross, maar sy is ook baie vriendelik met almal wat daar in die see swem. Opo kom wanneer Sarah haar roep en bly dan daar om met die ander swemmers te speel. Sy swem tot by mense en laat hulle toe om haar te streel. Sy kan 'n rubberbal in die lug opgooi en vang terwyl sy al in die rondte swem. Partykeer duik sy af en kom weer op met 'n bierbottel op haar neus. Dan lag almal en sy dink sy het 'n oulike grap gemaak. Sy is mal daaroor wanneer die mense vir haar hande klap. Sarah is baie bly om so 'n spesiale maat te hê.



Nuwe woorde



Die volgende dolfynstorie is oor iets wat meer onlangs gebeur het.

**The Ocean City Maryland News** | **4 April 2013**

# Beroemde dolfyn word in Ocean City se waters gesien

Op Sondagmiddag, 4 April, het 'n groep mense in die westelike deel van die Ocean City-baai visgevang. 'n Paar hoërskoolseuns onder hulle het besluit om terug te gaan na die hawe en het hul boot se enjin aangeskakel.

Skielik sien hulle 'n dolfyn na die boot toe swem. Omdat hulle hom nie wou seermaak nie, het hulle die enjin afgeskakel. Die dolfyn het tot teen die boot geswem en met 'n glimlag na die tieners gekyk terwyl hy regop in die water staan. Die seuns het gou met hul selfone van hom foto's geneem.

Een van die seuns se gesin was in 'n boot daar naby en het gestop om te kyk wat aangaan. Hulle was omtrent 100 meter van die seuns se boot af.

Die vriendelike dolfyn het na die tweede boot geswem en uit die water gespring om die nuwe aankomelinge te groet. Dit het gelyk asof hy sy kop teen die boot wou laat rus. Een man het aan hom geraak. Toe swem hy weer terug na die eerste boot. Die seuns het later uitgevind dit was dolfyn 56, 'n baie beroemde dolfyn wat deur wetenskaplikes bestudeer word. Hulle het die nommer 56 op sy rugvin vasgemaak sodat hulle hom tydens hul navorsing kon volg. Hy swem al omtrent 30 jaar lank in daardie deel van die oseaan. Hy spring partykeer op en af om 'n beloning te vra. Die beloning wat hy verwag is vis om te eet.



Ons skryf

Hoe sou jy, nadat jy die drie artikels oor dolfyne gelees het, hul persoonlikhede opsom?

Weet ons waarom dolfyne so lief is vir mense? Hoe sal ons kan uitvind?

Dolfyne hou daarvan om gestreel te word. Watter ander diere hou ook daarvan as jy hulle streel?

Teacher

Sign:

Date:



Datum

# 62 Nog inligting oor dolfyne en walvisse



**Soos jy weet, is dolfyne en walvisse soogdiere en nie visse nie. Wat weet jy van walvisse?**



## Ons lees

Dolfyne en walvisse swem in die see, maar hulle is baie spesiaal want hulle is nie visse nie maar soogdiere. Dolfyne is baie kleiner as walvisse dus kon ons al baie meer oor dolfyne uitvind as oor walvisse. Walvisse is enorm. Die grootste soort walvis is 34 meter lank en weeg 140 ton. Dit is die grootste dier in die wêreld. Die kleinste soort is 3 meter lank.

Sowel walvisse as dolfyne hou daarvan om geluide te maak. Dolfyne kommunikeer met mekaar deur fluit-, klap en kermgeluide. Hulle gebruik ook lyftaal. Boggelrugwalvisse maak 'n hele reeks sosiale klanke om te kommunikeer. Hulle kan byvoorbeeld grom, kreun, snork en blaf en 'n dowwe klapgeluid maak.

Wanneer 'n babadolfyn gebore word, fluit die dolfynma die hele tyd vir die kleintjie om die geluid in die baba se geheue in te prent sodat hy haar kan herken. Die mense wat dolfyne bestudeer, dink elke dolfyn het sy eie unieke fluit, wat hy tydens sy babajare ontwikkel.

Walvisse sing liedjies onder water wat honderde kilometer ver gehoor kan word omdat water klank beter as lug gelei. Hulle verander hulle liedjies, maar ons weet nie waarom nie. 'n Walvis herhaal dieselfde wysie, wat tot 30 minute lank kan duur, ure of selfs dae lank oor en oor. 'n Skool walvisse sing 'n paar weke lank dieselfde liedjie en begin dit dan stukkie vir stukkie verander. Hierin verskil hulle van voëls, wat lewenslank net een liedjie herhaal.

Dit is bekend dat dolfyne swemmers en vissermanne help. Daar is ook al opgemerk dat hulle swemmers teen haaie beskerm deur in sirkels om die swemmers te swem of die haaie te storm om hulle weg te jaag. By 'n strand in Brasilië dryf die dolfyne die vis in die rigting van vissermanne wat op die strand wag en "vertel" die mans om hul nette in te gooi. Die dolfyne se beloning is die visse wat uit die vissers se nette ontsnap. Die dolfyne eet daardie visse.



## Ons doen

Werk saam met 'n maat. Een van julle is kamtig die visser en die ander een is 'n dolfyn. Die visser voer 'n onderhoud met die dolfyn en vra vrae oor waar sy woon en wat sy doen. Die visser moet ten minste ses vrae vra en die dolfyn moet die antwoorde uit hierdie vier bladsye kry.

**Skryf saam met jou maat die vrae en antwoorde eers op los velle papier neer. Skryf dit daarna netjies op die volgende bladsy oor. Julle moet ten minste ses vrae en antwoorde hê.**

Nuwe woorde

Ons skryf

## My onderhoud met 'n dolfyn



Datum

# 63 Dolfyntaal

**Leer meer oor adjektiewe**

Jy het al dikwels met adjektiewe gewerk. Jy onthou seker dat 'n adjektief 'n woord is wat 'n selfstandige naamwoord beskryf of as voornaamwoord optree. Adjektiewe vertel jou iets omtrent die aard van 'n persoon, plek of ding. "Hond" is byvoorbeeld 'n selfstandige naamwoord, maar watter soort hond? Die "groot, bruin, harige hond" sê vir ons meer van daardie bepaalde hond.

**Adjektiewe kan ons ook van aantal vertel. "Sewentien leerders sit in die klas." "Sewentien" is 'n adjektief wat hier saam met 'n selfstandige naamwoord gebruik word.**

Adjektiewe beantwoord ook die vraag: "Watter/watter een?" **Byvoorbeeld**:

- Hoe lewe **hierdie** visse?
- Wat doen **daardie** dolfyn?
- Waar het **daardie** dolfyne vandaan gekom?

Party adjektiewe beskryf iets deur vir ons te sê aan wie dit behoort. Die woorde "my", "jou", "sy", "haar" en "ons" is **besitlike adjektiewe**. Hierdie woorde lyk soos voornaamwoorde. Voorbeelde:
"my suster", "sy hond", "ons paddavoete".
Selfstandige naamwoorde kan, net soos besitlike voornaamwoorde, as adjektiewe optree. Dink byvoorbeeld aan "**Mohapi** se kar", "**Mev Smith** se klas".



**Ons skryf** Trek in elke kolom die woord dood wat nie 'n adjektief is nie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| groot | vinnige | papier | krakerig |
| maer | stadige | blink | heerlik |
| rooi | hardloop | sag | lepel |
| suutjies | nuwe | warm | groen |





Nuwe woorde

Ons skryf



**Onderstreep nou die adjektief/adjektiewe in elke sin.**

| |
|---|
| Die nuwe stadion sal blou en rooi sitplekke hê. |
| Daar was sagte kussings en warm komberse op die ou bed. |
| 'n Beroemde kunstenaar het hierdie pragtige prentjies in jou boek geteken. |
| Ek gaan na Dudu se huis toe om na haar nuwe rooi fiets te kyk. |
| Daar is drie yslike, geurige sonneblomme. |
| Hy het 'n heerlike sjokoladekoek gebak. |
| Dit is 'n klein, bruin, raserige voëltjie. |
| Die klein, stil, grys kat krap die groot tafel. |

**Sorteer nou die adjektiewe wat jy onderstreep het en deel hulle by een van die volgende kaartjies in.**

Aantal

Kleur

Smaak of reuk

Soort

Grootte

Geluid

Teacher

Sign:

Date:



Datum

# 64 'n Boekresensie



Ons doen

**Jy het in hierdie boek 'n aantal verskillende stories en informatiewe tekste gelees. Watter soort tekste lees jy die graagste?**




| **Watter soort leeswerk geniet jy die meeste? Het jy die volgende geniet?** | √ | X |
|---|---|---|
| Die artikel oor die meerkatte | | |
| Die storie oor Anansi die spinnekop | | |
| Inligting oor gesondheid en ons liggame | | |
| Poësie en grappige rympies | | |
| Inligting oor die weer | | |
| Die storie van die "Man wat die skaduwee gekoop het" | | |
| Inligting oor die tale wat in die verskillende provinsies gepraat word | | |
| Die storie oor Haas, Walvis en Olifant | | |
| Inligting oor die planete | | |
| 'n Storie soos die een oor die krokodil en "'n Ongelooflike nag" | | |
| Inligting oor ander plekke, soos Antarktika | | |
| Die verslag oor die skoolmeisie wat 'n seun van verdrinking gered het | | |


Tel jou merkies op. Indien jy meer regmerkies op die pienk stroke het, beteken dit jy lees verkieslik met die oog op inligting. Meer regmerkies op die groen stroke beteken jy lees liefs vir plesier.




Ons skryf

**Skryf nou 'n boekresensie oor 'n boek wat jy gelees en geniet het. Vul die volgende inligting in.**

| | |
|---|---|
| Titel van die boek | |
| Skrywer | |
| Intrige<br>Wat gebeur in die storie? | |
| Milieu/agtergrond<br>Waar en wanneer speel die verhaal hom af? | |
| Karakters<br>Wie is die mense in die storie? | |
| Tema<br>Waaroor handel die storie? Wat is die storie se boodskap? | |
| Verteller<br>Wie vertel die storie? | |
| Waarvan ek gehou het<br>Wat was die beste deel van die storie? | |
| Aanbeveling<br>Waarom sou jy die storie vir 'n maat aanbeveel? | |









## Instructions:



1. Cut off the instructions
2. Fold the paper in half and in half again.
3. Unfold it and place it printed side down
4. Fold up all 4 corners so that the points meet in the middle
5. It should now look like this



6. Flip it over
7. Fold up all 4 corners so that the points meet in the middle
8. It should now look like this
9. Fold it in half
10. Work your fingers into the corners so that the creases form the four points.



## How to use the Fun Finger Fortune:

1. Have a friend ask a "Yes or No" question (like "am I pretty?" or "Does Sam like me?")
2. Ask them to pick a color. Spell out the color "R" - "E" - "D" while opening and closing the Fun Finger Fortune Teller in opposite directions with each letter.
3. Then ask them to pick a number from where the Fortune Teller was left open after the last letter.
4. Now open and close the Fortune Teller in opposite direction that number of times.
5. Now have them pick one of the numbers showing. Pull up the flap with that number on it and your answer will be revealed.

